Rainbow WORKBOOKS

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 3 – BOOK 1
TERMS 1 & 2
ISBN 978-1-920458-28-7
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.
11th Edition

ISBN 978-1-920458-28-7
9 781920 458287

a b c d e
f g h i j
k l m n o p
q r s t u
v w x y z

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 3 Boek 1

ISBN 978-1-920458-28-7

Hersien volgens die KABV




Graad 3

Naam:

Klas:

# AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 1
Kwartaal 1 & 2

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Gr3 AFR HL B1_Cover.indd 1



Mev. Angie Motshekga,
Minister van Basiese Onderwys



Dr. Reginah Mhaule,
Adjunkminister van Basiese Onderwys

*Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, dr. Reginah Mhaule.*

*Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.*

*Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.*

*Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.*

*Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.*

# VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

## Gelykheid

Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie.



## Menswaardigheid

Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander.



## Lewe

Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek.



## Gesin en familie



Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie.

## Onderwys

Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls.



## Werk

Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie.



## Vryheid en sekuriteit



Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op 'n vreedsame manier.

## Eiendom

Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie.



## Religie, oortuiging en menings

Respekteer die oortuigings en menings van ander.



## Veiligheid



Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig.

## Burgerskap




Wees 'n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen.

## Vryheid van uitdrukking

Moenie leuens en haat versprei nie. Moenie ander beledig of krenk nie.



Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Eleventh edition 2021

ISBN 978-1-920458-28-7

**This book may not be sold.**

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

r3 AFR HL B1_Cover.indd 2

# Graad 3

# Huistaal

## IN AFRIKAANS



**Hierdie boek behoort aan:**



AFRIKAANS

Boek 1

# RIGLYNE VIR ONDERWYSERS

Hierdie Werkboek moet tesame met u ander hulpbronne gebruik word, terwyl u deurlopend die volgende basiese begrippe van gedrukte media by leerders ontwikkel:

- → **Boekhantering:** Die korrek wyse waarop die boek vasgehou moet word en daardeur geblaai moet word.
- → **Boekkonsep:** Die voorblad, agterblad, titel en inhoudsopgawe.
- → **Rigting:** Lees van voor na agter, van links na regs en van bo na onder.

**ONDERRIGWENKE**

## Luister en praat:

Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesserringsbeleidsverklaring (Afrikaans Huistaal), bl. 11. Leerders moet weekliks aan stories, rympies, gedigte en liedjies blootgestel word.

## Prentebesprekings

1. Begelei die leerders om:
   - → voorwerpe in die prente volgens grootte, vorm, kleur en hoeveelheid te identifiseer en te bespreek
   - → die prent te interpreteer deur vrae te vra: wie, wat, waar, wanneer, waarom, wat het vooraf gebeur, wat het later gebeur?
   - → 'n klasstorie saam te stel (waarvan die lengte deur die leerders se ontwikkelingsvlakke bepaal sal word)
2. Laat die leerders die klasstorie aan 'n maat oorvertel.
3. Modelleer die skryf van die klasstorie (KABV Huistaal bl. 12, Gedeelde skryf). Maak die leerders deurgaans van die gebruik van hoofletters, spasiëring en leestekens bewus.
4. Laat die leerders die klasstorie dan saam met u lees.
5. Laat die leerders die betrokke week se klanke en/of taalstrukture in die klasstorie onderstreep/ omkring..

## Lees

Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesserringsbeleidsverklaring (Afrikaans Huistaal), bl. 12 – 19, rakende die vyf hoofkomponente van leesonderrig.

## Skryf

Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesserringsbeleidsverklaring (Afrikaans Huistaal), bl. 19 – 20, rakende handskrif en die skryfproses. Teen die einde van die kwartaal gaan leerders oor van drukskrif na lopende skrif of skrif met verbindings. Handskriflesse fokus op die inoefening van kleinletters en hoofletters en die verbindings wat vir die nuwe skrif nodig is. Leerders moet teks in drukskrif (bv. 'n gedeelte uit 'n boek) in lopende skrif kan oorskryf.

***Hou die volgende in gedagte:***

- → Leerders se leervoorkeure verskil. Dit is belangrik dat leerders visueel, ouditief en kinestetes (ervaringsleer) gestimuleer moet word sodat effektiewe leer kan plaasvind.
- → Leer vind deur middel van herhaling plaas.
- → Leerders moet leer ervaar, dus moet aktiwiteite prakties geoefen word voordat dit skriftelik voltooi word, bv.:

  **Woordbou:** Laat leerders woorde met letterkaarte bou.

  **Begripsvrae:** Laat leerders die antwoorde eers mondelings in groepverband voltooi voordat hulle dit skriftelik voltooi. Die groepleier stel die vrae terwyl die groeplede die antwoorde soek en die vrae beantwoord.

  **Keuse van woorde om sinne te voltooi:** Voorsien onvoltooide sinstroke met woordkaarte aan die groepe. Laat die leerders die sinne voltooi deur die woordkaarte op die korrekte plekke te plaas.

  **Keuse van woorde wat by prentjies pas:** Vergroot die blad tot A3. Leerders pak in groepverband tellers op die korrekte antwoorde.

  **Voltooiing van sinne deur kolomme te verbind:** Leerders kies in groepverband die sinstroke wat by mekaar pas.

  **Skryf van 'n eie koerantberig:** Skryf eers 'n klaskoerantberig en dan 'n groepkoerantberig voordat die leerder sy/haar eie koerantberig skryf.

  **Woordeboeke:** Maak daagliks van woordeboeke gebruik. Leerders se vermoëns bepaal die moeilikheidsgraad van aktiwiteite. Dit mag soms nodig wees om 'n bladsyverwysing te voorsien.

**Nota:** Voorsien die groepleier tydens groepaktiwiteite van 'n antwoordstel sodat hy/sy die korrekte leiding aan groeplede kan gee.



# Inhoud

## Tema 1: Terug skool toe



## Kwartaal 1: Week 1–4


**1 Ons is nou in Graad 3 — 2**

Praataktiwiteit: Gebruik visuele leidrade om te voorspel waaroor die storie handel.
Lees en begrip: Gedeelde lees (verhalende teks).
Identifiseer sleutelbesonderhede in wat gelees is.
Klankleer: vokaalklanke a, e, o, i, u,
Gebruik woorde uit die woordkassie om sinne in jou klaswerkboek te skryf.
Lees: Sigwoorde

**2 Ek is terug by die skool — 4**

Praataktiwiteit: Gesels met jou maat oor die sport en speletjies waarvan jy hou.
Taal: Eiename
Skryf: Gebruik die woorde wat gegee is om sinne in jou klaswerkboek te skryf.
Vul inligting oor jouself op ’n vorm in.
Skryf sinne oor dinge waarvan jy hou en wie jou maats is.
Taal: Omkring die eiename wat met hoofletters moet begin.
Skryf: Maak ’n plakkaat.

**3 Dit is Juffrou se verjaarsdag — 6**

Lees en begrip: Dieselfde as vir werkkaart 1.
Taal: Sorteer naamwoorde onder die opskrifte persoon, plek of voorwerp.
Klankleer: uu, aa, oo, ee

**4 My geheime verjaardagwens — 8**

Skryf: Maak ’n verjaardagkaartjie vir iemand van wie jy hou.
Lees: Lees Piet se dagboek en gesels met jou maat oor Piet se geheime verjaardagwens.
Skryf: Skryf jou verjaardagwens as ’n dagboekinskrywing.
Pretaktiwiteit: Vul die name van jou maats in by die maande waarin hulle verjaar.





**5 Sportdag — 10**

Praataktiwiteit: Gebruik visuele leidrade om te voorspel waaroor die storie handel.
Gedeelde lees: Verhalende teks
Klankleer: ie, oe, ou, ui, eu, ei
Taal: Verdeel woorde in lettergrepe.
Skryf: Gebruik die woorde wat gegee is om sinne te skryf.
Begripsoefening: Lys die take wat in die storie genoem word.

**6 Pretdag by die skool — 12**

Praataktiwiteit: Vra jou maats oor hul gunstelingsport uit en skryf dit neer.
Taal: Alfabetiese volgorde
Taal: Samegestelde woorde
Skryf: Skryf oor jou gunstelingsport.
Skryf: Maak ’n plakkaat om die sportdag te adverteer.

**7 Die sportdag het uitgereën — 14**

Lees: Dieselfde as vir werkkaart 1
Skryf: Verbind geskommelde woorde met die korrekte weergawes.
Klankleer: ie, oe, ou, ui, eu, ei
Begripsoefening: Beantwoord vrae en gebruik die korrekte punktuasie.

**8 Ná die sportdag — 16**

Praataktiwiteit: Doen ’n rolspel oor wat by die sportdag gebeur het.
Taal: Skryf sinne in die direkte rede.
Pretaktiwiteit: Gebruik ’n geheuekaart om te beplan.

**9 Die skoolpakkamer is aan die brand — 18**

Gedeelde lees: Dieselfde as vir werkkaart 1.
Taal: Voornaamwoorde (omkring die woorde wat na meer as een persoon verwys)
Klankleer: aai, oei, ooi
Begripsoefening

**10 Brandveiligheid — 20**

Skryf: Nommer hierdie prentjies om die korrekte volgorde aan te dui.
Skryf: Skryf oor elke prentjie.
Taal: Gebruik punktuasie in sinne.
Taal: Eiename, en gebruik naamwoorde in sinne.
Pretaktiwiteit: Help die brandbestryders om hulle pad te vind.

**11 Biblioteekdag — 22**

Lees en begrip: Dieselfde as vir werkkaart 1.
Taal: Verbind die twee dele van die sinne om samegestelde sinne met voegwoorde soos “omdat” te maak (om oorsaak en gevolg te toon).
Klankleer: aai, oei, eeu, ooi
Begripsoefening met punktuasie





**12 Lees boeke — 24**

Skryf: Skryf ’n boekresensie.
Soek rymwoorde.
Praataktiwiteit: Maak tekens en verduidelik dit dan aan jou maat.

**13 Dinge waarvan ons hou — 26**

Lees en begrip: ’n Resep
Klankleer: -kke, -sse, -nne, -ppe
Skryf: Meerkeusevrae

**14 Wie hou waarvan? — 28**

Skryf: Voer onderhoude met maats en vul ’n tabel in.
Taal: Verbind sinsdele met mekaar – onderwerp en predikaat.
Skryf: Skryf ’n resep neer.

**15 ’n Vreemde besoeker by die skool — 30**

Doen ’n rolspel oor die bok wat skool toe gekom het.
Klankleer: -nne, -lle, -kke, -tte, -mme, -ppe, -sse
Begripsoefening

**16 Die skoolbok — 32**

Skryf: Nommer prentjies in die regte volgorde, en skryf ’n sin oor elke prentjie.
Skryf: Skryf ’n storieboek met ’n begin, ’n middel en ’n einde.

# 1 Ons is nou in Graad 3

**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.




**Ons lees**



Ons is bly om in Graad 3 te wees.

"Ek is bly dat ek julle onderwyseres gaan wees", sê mevrou Jakobs.

"Ek weet julle gaan hard werk in Graad 3. Ons het twee nuwe leerders bygekry. Hulle is Piet en Grieta. Grieta is in 'n rolstoel. Ons moet haar help om van klas tot klas te beweeg. Julle sien dat die klas netjies en skoon is.

Datum:

Daar is 'n plakkaat teen die muur wat julle herinner om die skool skoon te hou."



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| dag | wen | ons | sit | hulle |
| plak | tel | kos | sin | rus |
| klas | les | rol | stil | plus |
| tas | help | hond | wil | lug |

Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

| |
|---|
| In watter graad is hulle nou? |
| Hulle is |
| Wie kom skool toe in 'n rolstoel? |
| |
| Waarom is daar 'n groot plakkaat teen die muur? |
| Om hulle te herinner |
| Dink jy dit is die beste titel vir die storie? Hoekom? |
| |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 2 Ek is terug by die skool



**Ons doen** Gesels met jou maat oor die sport en speletjies waarvan jy hou.





**Ons skryf** Skryf die name van 4 van jou maats in alfabetiese volgorde. Onthou name word met hoofletters geskryf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | | 3 | |
| 2 | | 4 | |



**Werk met woorde** Trek 'n kring om die name wat met hoofletters moet begin. Soek woorde wat die name van mense of plekke is. Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

## Selfstandige naamwoorde

| | | | |
|---|---|---|---|
| kouse | april | skoene | durban |
| mev jakobs | sarel | jannie | strand |
| onderwyseres | huis | sondag | januarie |
| kaapstad | fiets | bus | polokwane |





Voltooi nou hierdie kaart oor jouself. **Vir die pret**

My naam is ______________________________.

Ek is in graad ________ . Ek is ________ jaar oud.

My maat se naam is ______________________________.

My gunstelingsport is ______________________________.

My gunstelingboek is ______________________________.

Datum:



## Ons skryf

Skryf 2 sinne. Een oor iets waarvan jy hou en een sin oor wie jou maats is.



## Sigwoorde

eet

weg


neem





## Vir die pret

Kyk na die plakkaat oor die skoonhou van jou skool.
Vertel vir jou maat wat die plakkaat sê ons moet doen.
Jy kan meer sinne byvoeg oor hoe ons nie rommel moet strooi nie.
Gebruik sierskrif.





### MOENIE 'n MORSJORS-GOGGA WEES NIE!

### WEES 'n NETJIESE NIKLAAS!

Hou jou skool skoon.

Tel die papiere op.

Gebruik die vullisdrom.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 3 Dit is Juffrou se verjaardag



**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.





**Ons lees**

Ons onderwyseres het vandag verjaar.
Sy het baie kersies op die koek gehad.
Nadat mev. Jakobs die kersies doodgeblaas het, het ons "Veels geluk liewe Juffrou" gesing. Ons het almal van die koek geëet. Ons geskenk aan haar was 'n prent van 'n eend wat op 'n klip sit.
Ons het toe almal ons name op die verjaardagkalender geskryf.
Anna se verjaardag is in Maart. Bongi se verjaardag is in Junie.
Grieta se verjaardag is in Mei.



Datum:




**Ons skryf** Beantwoord hierdie vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

Wie verjaar vandag?

Wie verjaar in die herfs?

Sal Bongi op haar verjaarsdag 'n swempartytjie kan hou? Waarom sê jy so?





**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| vuur | maak | koop | streep |
| uur | waar | roomys | lees |
| muur | gaan | spoor | keel |
| skuur | staan | roos | meel |



**Ons skryf** Skryf elke selfstandige naamwoord onder die korrekte opskrif.

**Selfstandige naamwoorde**

skoen lessenaar Anna Jannie
Gert Kaapstad Durban pen Polokwane

| Persoon | Plek | Voorwerp |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______


# 4 My geheime verjaardagwens




**Ons doen**

Maak 'n verjaardagkaartjie vir iemand van wie jy hou. Skryf 'n spesiale boodskap op die voorkant van die kaartjie bo die prentjie. Skryf dan 'n spesiale verjaardagboodskap binne-in die kaartjie.









**Ons skryf**

Lees Piet se dagboek en gesels met jou maat oor Piet se geheime verjaardagwens.

Liewe Dagboek — Maart 2015

Wanneer ek volgende maand agt word, wil ek 'n baie spesiale verjaardaggeskenk hê. Ek wil nie speelgoed hê nie. Ek wil niks hê nie. Ek wil hê my pa moet huis toe kom vir my verjaardag en saam met my na 'n sokkerwedstryd toe gaan.



Datum:

**Ons skryf** Skryf nou jou eie verjaardagwens neer.

Liewe Dagboek Datum



**Sigwoorde**

hul
grond
brief

**Vir die pret** Vul die name van jou maats in by die maande waarin hulle verjaar.

## VERJAARDAGKALENDER

| | | |
|---|---|---|
| Januarie | Februarie | Maart |
| April | Mei | Junie |
| Julie | Augustus | September |
| Oktober | November | Desember |



ONDERWYSER: Teken Datum

# Sportdag



## Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



## Ons lees

"Ons moet almal help met die sportdag," het ons juffrou vir ons gesê.
Grieta het gesê, "Ek sal die plakkaat maak om mense van die sportdag te vertel."
"Ek kan springmielies maak en dit verkoop," het Bongi gesê.
"Ek sal Gert help om die springmielies in sakkies te sit," het Anna gesê.
"Ek sal die liedjies uitdink wat ons kan sing," het Jannie gesê.
"Ek sal by die wenstreep staan om te kyk wie wen," het Jaap gesê.
"En ek sal by die hek staan om die mammas en pappas te wys waarheen hulle moet gaan," het Pieter gesê.



Datum:

Ons skryf

Breek hierdie woorde op in die regte lettergrepe.

## Voorsetsels

voordat nadat tussen binnekant buitekant onder

| Skryf nou die woorde in alfabetiese volgorde. Die eerste een is vir jou gedoen. | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | bin/ne/kant | 4 | |
| 2 | | 5 | |
| 3 | | 6 | |

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| tier | boek | pou | muis | neus | reis |
| mier | voet | mou | vuis | reus | lei |
| vier | koek | tou | huis | geut | geil |

Ons skryf

Kyk na die lys van take wat gedoen moet word.
Vul in wie elke taak sal doen. Sê of hierdie taak voor die sportdag of op die sportdag gedoen moet word.

## SPORTDAG

| Taak | Wie sal dit doen? | Moet dit voor of op die sportdag gedoen word? |
|---|---|---|
| Maak die plakkaat. | Grieta | Voor |
| Maak springmielies om te verkoop. | | |
| Sit die springmielies in sakkies. | | |
| Dink liedjies uit. | | |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 6 Pretdag by die skool

## Selfstandige naamwoorde



**Ons doen** Voltooi die tabel deur 3 maats se name en elkeen se gunstelingsport in te vul.

| Naam | Sarie | | | |
|---|---|---|---|---|
| Gunsteling-sport | Netbal | | | |





**Ons skryf** Nommer elke groep woorde om die regte alfabetiese volgorde te wys.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3 | rot | | son | | rus |
| 1 | red | | sak | | rug |
| 2 | rooi | | sool | | roei |



**Ons skryf** Doen hierdie woordsomme.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| rol | + | stoel | = | rolstoel |
| son | + | bril | = | |
| net | + | bal | = | |
| speel | + | grond | = | |



Datum:



## Ons skryf

Skryf die drie sinne wat jou juffrou vir jou lees (dikteer).



**Sigwoorde**

breek
eerste
stil





## Vir die pret

Help vir Grieta om 'n plakkaat te maak oor die sportdag. Vul die naam van jou skool in. Teken prentjies op die plakkaat om te wys wat op die sportdag gaan gebeur. Voeg enige ander inligting by wat jy dink nodig is. Wanneer jy klaar is, wys jou plakkaat vir jou maat.



____________________ Skool



# SPORTDAG



Groot pret by die skool!

Datum: 5 Maart 2015

Tyd: 10:00

ONDERWYSER: Teken ________ Datum ________

# 7 Die sportdag het uitgereën

Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.



Ons lees



Almal het die sportdag by die skool baie geniet. Dit was 'n warm, sonnige somersdag. Die mammas en pappas het gesing. Ons het gehardloop en gewen. Almal het dit baie geniet.

Daar het skielik kwaai donderweer opgesteek en toe begin dit reën. Die wind het gewaai en ons plakkate het geskeur.


Ons het in die klaskamers skuiling gaan soek. Nadat dit opgehou reën het, is ons almal huis toe.

Datum:



**Ons skryf**

Die woorde in die linkerkantse kolom is agterstevoor geskryf.
Trek 'n streep van die omgedraaide woord na die regte vorm.



| | |
|---|---|
| nooks | kort |
| gal | skoon |
| torv | lag |
| trok | vrot |






**Werk met woorde**

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| spier | kroes | sous | skuil | skeur | skei |
| papier | bloes | vrou | kruis | dreun | trein |
| manier | proes | ouma | gruis | steun | brein |





**Ons skryf**

Beantwoord hierdie vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

Wat het die sportdag laat eindig?

Waarheen het almal gehardloop?

Dink jy hulle het na die weervoorspelling geluister? Hoekom nie?

Skryf 'n goeie opskrif vir hierdie storie.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 8 Na die sportdag

Kwartaal 1 – Week 1–2



Ons doen

Voer 'n rolspel op oor wat by die sportdag gebeur het toe dit begin reën het.





Ons skryf

Skryf neer wat hulle sê en gebruik die korrekte leestekens.

**Indirekte rede**





Dit reën.

Lientjie het gesê: "Dit reën."



Ek kan vinnig hardloop.

Jabu het gesê: "______________________________ ______________________________."

Bongi het gesê: "______________________________ ______________________________."

Ek hou daarvan om netbal te speel.





Bly in die klaskamer totdat die reën ophou.

Ons juffrou het gesê: "______________________________ ______________________________."

Datum:



Ons skryf Skryf drie sinne oor wat by die sportdag gebeur het.

## Sigwoorde

slaap
omdat
reg
mag



Vir die pret Help om die sportdag te beplan. Skryf jou idees in elke blok van die geheuekaart neer.





# Die skoolpakkamer is aan die brand





Ons praat Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

Ons lees





Ons het Maandag rook begin ruik in die klas.

Ben, die hond, het begin snuif.

Wat was daardie reuk?



Juffrou het ons in 'n ry onder die boom laat staan.

Ons sien toe dat die pakkamer aan die brand is. Ons was baie benoud.

Juffrou het 10177 gebel.



Ses brandbestryders het gekom om die brand te blus. Hulle het groot gordels en byle gehad en het maskers gedra.



Hulle het in 'n bloedrooi brandweerwa gekom. Hulle het 'n dik brandslang gebruik om die brand te blus. Ons pakkamer is gered.

Datum:

# Voornaamwoorde

**Ons skryf** Omkring die woorde wat na meer as een persoon verwys.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ek | ons | my | hulle | hy | hare | ons s'n | ons |
| sy | jy | hom | haar | hulle s'n | syne | myne | joune |

**Ons skryf** Kies en omkring die regte woord.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die kinders speel saam met | my | ek | by die skool. |
| Hulle pa hou daarvan om vir | hulle | syne | te lees. |
| Ben hardloop saam met | ons | myne | resies. |

**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| lawaai | braai | swaai | kraai |
| mooi | nooi | gooi | rooi |
| roei | stoei | groei | koei |

**Ons skryf** Beantwoord hierdie vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

| |
|---|
| Wat het gebrand? |
| Die |
| Hoeveel brandbestryders het gekom om die brand te blus? |
| |
| Hoekom het mev. Jakobs, die onderwyseres, gesê die kinders moet in 'n ry onder die boom staan? |
| |



Wat is die telefoonnommer van die brandweer?

ONDERWYSER: Teken Datum

# 10 Brandveiligheid

**Ons doen** Nommer hierdie prentjies om die regte volgorde te wys.









**Ons skryf** Skryf een sin oor elke prentjie.

Datum:

## Sigwoorde

wees
gewees
gekry
genoeg

## Ons skryf

Vul die korrekte leestekens in.

Gebruik 'n vraagteken ? of 'n uitroepteken ! of 'n punt .

| | |
|---|---|
| Help, die pakkamer is aan die brand | ! |
| Waar is die brand | |
| Ses brandbestryders het gekom om die brand te blus | |
| Hoe het hulle die brand geblus | |
| Wanneer is die brand geblus | |



## Selfstandige naamwoorde

## Werk met woorde

Onderstreep nou die woorde wat met 'n hoofletter moet begin.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| bongi | dirk | januarie | kat | maart |
| kaapstad | karien | maandag | oos-londen | speel |
| padda | liniaal | jubu | johannesburg | sonnig |
| pieter | woensdag | pen | polokwane | potlood |

## Vir die pret

Help die brandbestryders om hulle pad na die rooi, groen en geel huise te vind.



# Biblioteekdag





**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.






**Ons skryf** Soek en omkring die woorde met die **st**-klank.

Ons het vandag skoolbiblioteek toe gegaan.

Ek het vir Grieta in haar rolstoel gestoot.
Dit was swaar om haar oor die gras te stoot.

Daar was baie boeke in die biblioteek.

Ek het van 'n boek oor 'n perd gehou. Dit was 'n besonderse perd wat kon vlieg.

Bongi het 'n resepteboek uitgeneem. Sy hou daarvan om te bak.

Rob het gesê hy is te kort om by die boonste rak by te kom.

Ben moes buite die biblioteek wag. Hy is nie in die

biblioteek toegelaat nie. Arme Ben.
Geen honde word toegelaat nie.



Datum:



# Voegwoorde



Ons skryf

Verbind die woorde aan die linkerkant met die woorde aan die regterkant om 'n sin te maak.

| | |
|---|---|
| Hy het nie skool toe gegaan nie want | dit koud was. |
| Ek het 'n trui gedra omdat | dit gelyk het asof dit gaan reën. |
| Ek het 'n sambreel saamgeneem omdat | hy was siek. |






Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| saai | raai | laai | blaai |
| vlooi | plooi | prooi | hooi |
| knoei | stoei | gloei | boei |
| spreeu | eeu | meeu | leeu |





Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

| |
|---|
| Hoekom het Anita gesukkel om die rolstoel te stoot? |
| Anita het gesukkel omdat |
| Hoekom kon Rob nie by die boonste rak bykom nie? |
| Rob kon nie bykom nie omdat hy |
| Waarom het Bongi die resepteboek uitgeneem? |
| Bongi het dit uitgeneem omdat sy |
| Waarom moes Ben buite bly? |
| Ben moes buite bly omdat hy |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 12 Lees boeke



Ons doen

Skryf die titel neer van 'n boek waarvan jy gehou het.

Outeur:

Teken 'n prentjie om te wys waaroor die boek gehandel het.



Ons skryf

Skryf 'n paragraaf van 5 sinne om te sê waarom jy van die boek gehou het.



Datum:



Rymwoorde


**Ons skryf** Verbind die rymwoorde met mekaar.

| | | |
|---|---|---|
| dag | | klaar |
| haar | | nag |
| uit | | bring |
| sing | | fluit |

| | | |
|---|---|---|
| vlieg | | boek |
| koek | | bieg |
| Maart | | stort |
| kort | | kaart |

**Sigwoorde**

gedoen
verkoop
plaas
plan




**Vir die pret** Maak 'n tekening vir elkeen van die volgende en verduidelik vir jou maat wat dit beteken.








Geen honde toegelaat nie.



Geen vuvuzelas toegelaat nie.



Geen selfone toegelaat nie.



Geen bokke toegelaat nie.

# 13 Dinge waarvan ons hou

## Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels oor wat jy sien.



Bongi wys vir die kinders hoe om springmielies te maak.

## Ons lees

### Die springmieliemaker



**Wat jy nodig het**

2 eetlepels kookolie
'n halwe koppie springmielies
Sout

**Wat jy moet doen**

Gooi die kookolie in die kastrol.
Sit die springmielies in die kastrol.
Sit die kastrol op 'n warm stoofplaat.
Wees versigtig om jouself nie te brand nie.
Luister hoe die springmielies spring.
Wanneer dit ophou spring, maak die kastrol oop.
Skakel die stoof af.
Gooi die springmielies in 'n bak en strooi sout daaroor. Skud die bak.
Eet en geniet dit.

Datum:



Ons skryf

Soek en omkring die regte antwoord.





| Hoeveel kookolie het jy nodig? | |
|---|---|
| A | Een eetlepel |
| B | Twee eetlepels |
| C | Drie eetlepels |

| Wat het jy nog nodig? | |
|---|---|
| A | Springmielies |
| B | Springmielies en sout |
| C | Piesang |

Hoekom moet jy versigtig wees as jy springmielies maak?

Hoe sal jy weet wanneer die springmielies gereed is?



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Klap die meervoude in lettergrepe.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| tak | takke | vis | visse |
| jas | jasse | sin | sinne |
| rak | rakke | vin | vinne |
| sak | sakke | wip | wippe |



*Spelreël:*
*Wanneer 'n woord 'n kort klinker in die middel het, verdubbel die medeklinker en kom -e by.*



Ons skryf

Hoe smaak dit?
Soek en omkring die regte antwoord.

**Byvoeglike naamwoorde**



| | |
|---|---|
| A | soet |
| B | suur |
| C | bitter |
| D | sout |



| | |
|---|---|
| A | soet |
| B | suur |
| C | bitter |
| D | sout |



| | |
|---|---|
| A | soet |
| B | suur |
| C | bitter |
| D | sout |



| | |
|---|---|
| A | soet |
| B | suur |
| C | bitter |
| D | sout |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 14 Wie hou waarvan?

## Selfstandige naamwoorde



| Wat is jou | gunstelingdag van die week | gunstelingsport of -speletjie | gunstelingboek |
|---|---|---|---|
| My naam | | | |
| Maat se naam | | | |
| Maat se naam | | | |



Ons skryf Verbind elke sin in die blou blok met 'n sin in die geel blok.



| | |
|---|---|
| Dit het gelyk of dit gaan reën. | Ek het die brandweer gebel. |
| Dit het gelyk of dit koud gaan wees. | Ek het my trui skool toe geneem. |
| Ek sou sokker gaan speel het. | Ek het die brood gesny. |
| Die bus was aan die brand. | Ek het 'n verjaardagkaartjie gemaak. |
| Die kat was in die boom en kon nie afkom nie. | Ek het die heining reggemaak. |
| Ek wou 'n toebroodjie maak. | Ek het my sokkerskoene skool toe geneem. |
| Dit was my maat se verjaardag. | Ek het die leer gaan haal. |
| Die bok het deur die stukkende heining gekom. | Ek het my sambreel saamgeneem skool toe. |

Datum:

Ons skryf

Voltooi die tabel deur jou en jou maat se gunstelingkos, -progam en -persoon in tel vul.

| gunstelingkos | gunstelingradio- of TV-program | gunstelingpersoon |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

## Sigwoorde

waarom
val
môre

Vir die pret

Skryf jou eie resep neer.

Resep vir

Wat ek nodig het

Wat ek moet doen

ONDERWYSER: Teken Datum

# 15 ‘n Vreemde besoeker by die skool



Ons praat

Kyk na die prente en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

Ons lees











## BEGIN VAN DIE STORIE

Ons was besig om in die klas te werk. Terwyl ons besig was om te lees en in ons boeke te skryf, sê Bongi dat iemand haar middagete gesteel het, maar ons het niemand in die klas sien inkom nie.

## MIDDEL VAN DIE STORIE

Jan sê toe dat sy boek geskeur is, al het ons niemand aan sy boek sien raak nie. Later het ons gesien dat juffrou se bos blomme weg is, en het ons gewonder wat daarvan geword het.

Ons besef toe wat gebeur het. Omdat die heining stukkend was, het ‘n groot bok in die skool ingekom. Hy was honger, daarom het hy alles wat hy kon bykom, opgevreet.

## EINDE VAN DIE STORIE

Gelukkig het Ben, die hond, hom weggejaag. Ben het meer as een kilometer agter hom aangehardloop.

Later het ons almal gehelp om die heining reg te maak.

Datum:

Ons doen

Voer 'n rolspel op oor die bok wat skool toe gekom het.



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Klap die meervoude in lettergrepe. Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| pen | penne | bom | bomme |
| vel | velle | prop | proppe |
| rek | rekke | mus | musse |
| pet | pette | krul | krulle |

*Spelreël:* Wanneer 'n woord 'n kort klinker in die middel het, verdubbel die medeklinker en kom **-e** by.

Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

Noem drie dinge wat die bok gevreet het.

1.

2.

3.

Hoe het hy in die skool ingekom?

Wie het die bok weggejaag?

Dink aan 'n goeie titel vir hierdie storie en skryf dit hier.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 16 Die skoolbok



**Ons skryf**

Nommer hierdie prentjies in die regte volgorde.
Skryf dan 'n sin oor elke prentjie.












**Vir die pret**

Skryf jou eie storie in jou klaswerkboek. Dit moet 'n begin, 'n middel en 'n einde hê. Vra jou maat om jou te help om die foute reg te maak. Knip die volgende bladsy van hierdie boek uit. Sny op die stippellyne. Vou die bladsy op die lyne. Skryf die titel van die boek op die voorblad. Skryf jou naam onder die titel omdat jy die skrywer is. Teken 'n prentjie op die voorblad. Skryf jou storie nou in die boek.

## AGTERBLAD

## DIE SKRYWER

Skryf jou naam



Jou ouderdom

Waar jy woon

8

STAP 2. Vou op die stippellyn.

STAP 3. Kram aan hierdie kant vas.

## VOORBLAD

Teken hier 'n prentjie.



Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

STAP 4. Knip op die stippellyn uit nadat jy jou boek gekram het.

STAP 1. Vou op die stippellyn.

5

Gaan hier voort met jou storie.

Teken hier 'n prentjie.



4

Skryf die middel van jou storie hier en op bladsy 5.



Teken hier 'n prentjie.


Teken hier 'n prentjie.



Begin jou storie hier en gaan voort op bladsy 3.

2

Teken hier 'n prentjie.



Maak jou storie klaar.

7

Teken hier 'n prentjie.



Gaan hier voort met jou storie.

3

Teken hier 'n prentjie.



Skryf hier wat gebeur aan die einde van jou storie.

6



# Inhoud

## Tema 2: Familie en vriende — Kwartaal 1: week 5–10


**17 My gunstelingniggie** *36*

Praataktiwiteit: Gebruik visuele leidrade om te voorspel waaroor die storie handel.
Lees en begrip: Lees die brief wat Ester aan Bongi geskryf het. Let op die adres en aanhef.
Begripsoefening.
Klankleer: -mme, -ppe, -kke, -sse, -rre, -tte

**18 My niggie** *38*

Praataktiwiteit: Gesels oor hoe jy met ander kinders speel. Speel julle speletjies wat gevaarlik kan wees?
Skryf: Skryf ’n brief. Sê wat jy by die skool doen en vertel nuus.
Teken jou stamboom. Vul die name van jou familielede in (eiename).

**19 ’n Familiebesoek** *40*

Praataktiwiteit: Gesels oor die prentjie.
Begripsoefening met punktuasie
Klankleer: -kke, -lle

**20 Op pad om my niggie te gaan besoek** *42*

Skryf: Maak ’n beterskapkaartjie vir iemand wat siek is.
Taal: Verander sinne van die teenwoordige tyd na die toekomende tyd. Begin met “Môre”.
Skryf: Skryf neer wat jou gelukkig, hartseer, kwaad en bang maak.
Praataktiwiteit: Gee aan jou maat mondelinge aanwysings.

**21 Uiteindelik kom ons daar aan** *44*

Lees: Verhalende teks.
Begripsoefening met punktuasie.
Skryf: Soek woorde met hierdie klanke in die storie en skryf hulle op die regte plek in die kolom in.
Klankleer: skr-, spr-, str-

**22 Wat ons saam gedoen het** *46*

Praataktiwiteit: Doen ’n rolspel.
Skryf: Plaas leestekens in sinne.
Taal: Skryf die sinne oor in die verlede tyd. Begin met “Gister”.
Pretaktiwiteit: Speel ’n woordspeletjie met die klanke wat al geleer is.

**23 Die verlore teddiebeer** *48*

Lees: Verhalende teks. Omkring die woorde wat met ge- begin.
Begripsoefening
Klankleer: spl-, spr-, str-, skr-

**24 Ons kry goed** *50*

Skryf: Nommer die prentjies in die korrekte volgorde.
Skryf: Skryf ’n sin vir elke prentjie.
Skryf: Kies die woorde in die teenwoordige tyd wat pas by die woorde in die verlede tyd.
Pretaktiwiteit: Soek die verskille.

**25 Tumi raak weg** *52*

Lees en begrip: Verhalende teks
Klankleer: -t, -d
Taal: Werkwoorde en werkwoordtye, gister, vandag of môre.

**26 Kinderveiligheid** *54*

Skryf: Teken ’n prentjie.
Taal: Voornaamwoorde.
Skryf: Nommer die sinne om die volgorde van die storie aan te dui.
Pretaktiwiteit: Volg die labirint om Tumi te vind.

**27 ’n Somerpiekniek** *56*

Lees en begrip: ’n gedig.
Klankleer: Meervoude van woorde op -t en -d
Skryf: Maak sinne met “Wanneer”, “Waar” en “Wie”.

**28 Partytjies en pieknieks** *58*

Doen ’n opname. Vra 4 maats hierdie vrae en vul hul antwoorde op ’n tabel in.
Taal: Identifiseer verledetydswerkwoorde.
Taal: Kies woorde in die verlede tyd wat by woorde in die toekomende tyd pas.
Taal: Skryf sinne in die verlede tyd oor. Begin met “Gister”.
Pretaktiwiteit: Skryf ’n uitnodiging.

**29 ’n Besige dag** *60*

Lees en begrip: Jannie se dagboek
Klankleer: aa, ee, oo, uu, ui, ou, ie, oe, eu, ei, oei, ooi, eeu, aai
Klankleer: Plaas woorde in die korrekte klankkassies.

**30 Hou tyd** *62*

Wys hoe laat dit op elke horlosie is.
Skryf sinne or wat jy gister gedoen het, in die verlede tyd oor.
Skryf: Skryf sinne in die toekomende tyd.
Lees: Lees wat jou maat geskryf het.
Pretaktiwiteit: Speel slangetjies-en-leertjies. Knip die knipselblaaie agter in die boek uit.

**31 My ouma se storie** *64*

Lees en begrip: Verhalende teks.
Klankleer: oo, aa, ee, ie.


**32 ’n Familieverhaal** *66*

Praataktiwiteit: Rolspeel die storie van die kleipot.
Skryf: Nommer die sinne in die korrekte volgorde van gebeure in die storie.
Skryf: Gebruik die geheuekaart om ’n storie te beplan.
Skryf: Skryf ’n storieboek met ’n begin, ’n middel en ’n einde.






# 17 My gunstelingniggie



**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.





Kerkstraat 1
Genadendal
5 Maart 2015

Liewe Bongi,

Hoe gaan dit met jou, liewe niggie? Ek dink baie aan jou lekker kuiertjie by ons gedurende die skoolvakansie. Ek onthou hoe ons in die rivier gespeel het en babapaddatjies gesoek het. Kan jy onthou toe ons in die boom geklim en appelkose gepluk het? Ek was so bang dat ek sou val, maar dit was eintlik baie pret. Ek het ook van die manier gehou waarop jy my hare gekam het.

Nou is ons terug by die skool. Ons oefen vir 'n skoolkonsert. Dit sal so lekker wees as jy kan kom. Ek doen 'n tradisionele dans en my broer speel die tromme.

Ek wens jy kan gou weer by ons kom kuier.



Groete,

Jou niggie

Ester

Datum:



**Ons skryf**

Beantwoord hierdie vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.



**Sigwoorde**

self
niks
help

Wie het die brief geskryf?

Aan wie is die brief geskryf?

Op watter datum het sy die brief geskryf?

Waaroor het die brief gehandel? Skryf twee dinge neer.

1.

2.

Dink jy Bongi en Ester is goeie maats? Hoekom sê jy so?



**Werk met woorde**

Lees die woorde en luister na die klanke. **Klap die meervoude in lettergrepe.**




*Spelreël:*
*Wanneer 'n woord 'n kort klinker in die middel het, verdubbel die medeklinker en kom -e by.*



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| vlam | vlamme | slot | slotte | stem | stemme |
| grap | grappe | stok | stokke | ster | sterre |
| trap | trappe | trop | troppe | fles | flesse |
| stam | stamme | blom | blomme | vlek | vlekke |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 18 My niggie



**Ons praat**

Gesels met jou maat oor die dinge wat jy doen wanneer jy met ander kinders speel. Speel julle enige speletjies wat gevaarlik kan wees? Gesels oor die nuus van jou familie en vriende.

**Ons skryf**



Skryf 'n brief aan jou niggie. Sê waarmee jy besig is by die skool en dra jou gesin se nuus oor.



Skryf jou eie adres ______________________

______________________

______________________

Vul vandag se datum in ______________________

Liewe ______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________



Liefde,

______________________ Vul jou naam in


Datum:

**Vir die pret** Voltooi jou stamboom. Vul jou familielede se name in.



# 'n Familiebesoek





Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.





Ons lees

Ester se ma is siek, daarom gaan Bongi en haar ma haar besoek. Hulle sal met 'n taxi ry. Bongi is opgewonde omdat sy haar niggie, Ester, gaan besoek.

Hulle pak hulle klere in. Bongi kry 'n geskenk vir Ester en sy maak 'n word-gou-gesond-kaartjie vir Ester se ma. Hulle sal twee dae lank daar bly.

Hulle sal met 'n taxi ry. Hulle gaan in die nag ry wanneer die maan helder is. Die taxi het goeie ligte.

Môre gaan Ester en Bongi met die ander kinders by die rivier speel en vrugte pluk om te eet.



Datum:

Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin.
Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.



**Sigwoorde**

dink
lank
bring

Waarheen gaan Bongi?

Saam met wie gaan Bongi?

Waarom gaan hulle vir Ester besoek?

Wat gaan Bongi by Ester se huis doen?

Hoe gaan hulle reis?

Dink jy dit is gevaarlik om by 'n rivier te speel? Motiveer jou antwoord.

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Klap die meervoude in lettergrepe.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

*Spelreël:*
*Wanneer 'n woord 'n kort klinker in die middel het, verdubbel die medeklinker en kom* **-e** *by.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| blik | blikke | krul | krulle |
| skil | skille | druk | drukke |




# 20 Op pad om my niggie te gaan besoek



**Ons doen** Maak 'n word-gou-gesond-kaartjie vir iemand wat jy ken wat siek is. Skryf 'n spesiale boodskap op die kaartjie se voorkant bo die prentjie. Skryf dan 'n spesiale word-gou-gesond-boodskap binne-in.











## Toekomende tyd

**Ons skryf** Skryf elkeen van die sinne oor deur die sin met Môre te begin.



| |
|---|
| Ek eet my kos. |
| Môre sal ek my kos eet. |
| Ek gaan na Ester toe. |
| Môre sal ek |
| Ek speel met Ester. |
| |
| Ons ry in 'n taxi. |
| |

Datum:



Ons skryf


Skryf by elke gesiggie 'n sin om te sê wat jou gelukkig, hartseer, kwaad en bang maak.

| | |
|---|---|
|  | Wat maak jou gelukkig? |
|  | Wat maak jou hartseer? |
|  | Wat maak jou kwaad? |
|  | Wat maak jou bang? |



Vir die pret

Verduidelik vir jou maat hoe om by Ester se huis te kom.
Sê waar hy of sy links of regs moet draai.



# Uiteindelik kom ons daar aan





Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



Ons lees

Die taxi het uiteindelik by Ester se huis aangekom.

Dit was reeds agtuur in die aand. "Uiteindelik is ons hier," het Bongi gesê, terwyl sy die deurknop draai. Bongi was baie bly om haar niggie te sien. "Hallo Ester!" het Bongi geskree. "Kom kyk na die babapaddatjies in die rivier," het Ester geroep. "Nee, nee!" het Ester se ma gesê, "julle moet asseblief eers sit en eet."

"Ek wil in die boomhuis in die park gaan inklim," het Bongi gesê.

"Nee, jy kan nie nou in die boom inklim nie. Dit is te laat.

Julle moet sit en eet," het haar ma gesê.



Datum:





## Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

| Hoe laat het die taxi by Ester se huis gestop? |
| --- |
| |
| **Wat wou Ester eerste doen?** |
| |
| **Was dit 'n goeie plan om daardie aand by die rivier te gaan speel? Waarom sê jy so?** |
| |
| |
| |





## Ons skryf

Soek die woorde met hierdie klanke in die storie, en vul hulle in die regte kolom in.

| ee | oo | aa |
| --- | --- | --- |
| | | |
| | | |



## Sigwoorde

ding
darem
hele



## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | | | |
| --- | --- | --- | --- | --- | --- |
| skraal | skreeu | spreeu | sproet | strand | stronk |
| skrif | skroef | spring | spraak | stryk | straf |
| skrop | skrum | sprong | sprankel | strooi | straal |



ONDERWYSER: Teken Datum

# 22 Wat ons saam gedoen het



**Ons doen**

Doen 'n rolspel van Bongi en Ester wat wil gaan speel. Wys hoe Ester se ma sê dat hulle eers moet eet voordat hulle kan gaan speel.



**Ons skryf**


Skryf hierdie sinne met die korrekte leestekens oor.





bongi en dumi speel saterdag saam

sam word in junie ses





**Ons skryf**

Skryf hierdie sinne oor en begin met Gister.
Gebruik hierdie woorde om jou te help.

## Verlede tyd

was | gespeel | geleer | gebak | gekook

Ek is by die skool.

Gister ________ ek

Ek speel met my maat.

Gister het ek

Hy kook 'n eier.

Gister het hy

Sy bak 'n koek.

Ons leer by die skool.


Vir die pret

Hardloop na Ester se huis toe.

Wie gaan eerste by Ester se huis wees? Skiet 'n muntstuk op. As jy kop kry, kan jy twee blokke vorentoe beweeg. As jy munt kry, kan jy net een blok vorentoe beweeg. Die een wat eerste by Ester se huis kom, is die wenner. Wanneer jy op 'n woord land, moet jy die woord lees. Kyk hoeveel woorde jy reg kan lees.



# 23 Die verlore teddiebeer



**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.



**Ons lees** Lees die storie en omkring die woorde wat met **ge-** begin.

Ek was gelukkig by Ester se huis. Ester het vir my 'n pragtige geskenk gegee. Sy het vir my 'n teddiebeer gegee. Dit was sag en heerlik om vas te hou. Ons het toe weer per taxi huis toe gery. Terwyl ons in die taxi gery het, het dit begin reën. Die son was weg en dit was baie koud. My ma het my in 'n warm kombers toegedraai. Ons het in die reën van die taxi na die huis gehardloop. Ek besef toe meteens dat my teddiebeer weg is. Hy was seker nog in die taxi, êrens heen op pad! Ek het begin huil. Ek wou die taxi gaan soek om my teddiebeer te red. Gelukkig kry ons hom toe darem. My teddiebeer was veilig en ek was weer gelukkig.



Datum:



Ons skryf

Lees die storie en omkring die letters langs die korrekte antwoorde.

| Wat is Bongi? | |
|---|---|
| A | Bongi is 'n meisie. |
| B | Bongi is 'n seun. |
| C | Bongi is 'n teddiebber. |



**Sigwoorde**

elke
almal
aand
land

| Waaroor handel die storie? | |
|---|---|
| A | Bongi speel met 'n maat. |
| B | Bongi hardloop in die reën. |
| C | Bongi se teddiebeer raak weg. |

| Hoe was die weer in die storie? | |
|---|---|
| A | Dit was 'n warm dag. |
| B | Dit was eers warm en toe koud en reënerig. |
| C | Dit het die hele dag gereën. |

Beantwoord hierdie vrae in volsinne.

| Hoe het Bongi gevoel toe sy gedink het haar teddiebeer is weg? |
|---|
| |
| Hoe weet jy dit? |
| |
| Voorsien die storie van 'n gepaste titel. |
| |



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.



| | | |
|---|---|---|
| splinter | skraps | skree |
| sproei | skryf | skroei |
| stroop | skram | skraal |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 24 Ons kry goed



**Ons doen** Nommer die prentjies in die korrekte volgorde.













**Ons skryf** Skryf een sin vir elke prentjie.

Datum: 

# Verlede tyd

**Ons skryf** Verbind die woorde in die teenwoordige tyd met die woorde in die verlede tyd.

praat — gepraat

gedans

gery

gehuil

gekom

stap

speel

dans

ry

dink

gedink

huil

gestap

gespeel

kom



**Vir die pret** Soek die verskille.





# 25 Tumi raak weg

Ons praat Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.





Ons lees

Bongi en Karen het Bongi se sussie, Tumi, opgepas.
Tumi is vier jaar oud.
Tumi het met Ben, die hond, gespeel.
Bongi en Karen sien toe die deur is oop en Tumi en Ben is weg.

Die meisies het in die straat afgehardloop om na Tumi te soek.
Hulle het haar naam geroep terwyl hulle gesoek het.
Hulle was bang omdat dit besig was om donker te word.

Toe hulle by die hoek kom, kry hulle vir Tumi en Ben by 'n vrou wat kos verkoop. Tumi en Ben was besig om 'n koekie te eet.



Datum:

Ons skryf

Lees die storie en beantwoord dan elke vraag. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

| |
|---|
| Wie het weggeraak? |
| |
| Hoekom was Karen en Bongi bang? |
| Hulle was bang omdat |
| Wanneer het hulle vir Tumi gekry? |
| Hulle het vir Tumi gekry toe |
| Waar het hulle vir Tumi gekry? |
| Hulle het vir Tumi by |
| Wat was Tumi besig om te doen toe hulle haar kry? |
| Sy |

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

*Spelreël:*
*As jy nie seker is of 'n woord op 'n d of 'n t eindig nie, sê die meervoud van die woord. Dan sal jy kan hoor wat dit moet wees, bv. hond - honde, kat - katte.*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| ruit | fluit | noot | laat | maat | neut |
| brood | geld | tand | rond | hond | bord |

Ons skryf

Lees die sin en dui aan of die handeling gister, vandag of môre plaasvind.

| | |
|---|---|
| Hulle sal skool toe ry. | Môre |
| Hy het vir ons gekook. | |
| Ons gaan groente plant. | |
| Hy skryf in sy boek. | |

**Sigwoorde**

dood
kind
tyd

# 26 Kinderveiligheid



Ons skryf

Skyf 'n paragraaf van 8 sinne oor wat Tumi besig was om te doen toe hulle haar gekry het.



## Voornaamwoorde



Ons skryf

Omkring die regte woord.

| | |
|---|---|
| Ek/My wil roomys hê. | Die kinders speel met haar/sy. |
| Hy borsel hom/sy tande. | Jou/Jy is soet. |
| Jy/Jou het mooi hare. | Hulle wil na hy/hom toe gaan. |



Ons skryf


Nommer hierdie sinne om die volgorde van die storie aan te dui.

☐ Hulle het Tumi gevind.

☐ Hulle het Tumi gaan soek.

☐ Tumi het weggeraak.

☐ Karen en Bongi moes Tumi oppas.



Datum:

Ons skryf

Vul hierdie woorde in die korrekte klankraampies in.

waai, hoes, reun, vier, rooi, ring, gooi, mooi, riem, seun, sing, dreun, raai, voer, sien, geslaap, saai, geloop, bring, gelag, loer



___ng

ge___

___aai

___ooi


___eu___

___oe___

___ie___


Vir die pret

Help vir Bongi en Karen om Tumi en Ben te kry.



# 27 'n Somerpiekniek

**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.



**Ons lees** Lees verskillende gedigte oor 'n onderwerp en bespreek dit (beide formaat en betekenis).

## 'n Somerpiekniek

Die kinders baljaar en fluit
Die son kom agter die rantjies uit.
Die bome is groen en die blomme is rooi
Ou toktokkie roep "tok-tok" na sy nooi.
Somer is lekker, somer is mooi
In baie kleure opgetooi

(A. Kahtz, verwerk)

Datum:



## Ons skryf

Lees die gedig en beantwoord elke vraag. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

**Sigwoorde**
- sommer
- lekker
- ander
- onder

Wat is die titel van die gedig?

____________________

Skryf twee woorde uit die gedig wat rym.

____________________

Uit hoeveel versreëls bestaan die gedig?

____________________

Waaroor handel die gedig?

____________________

Dink jy die prent pas by die gedig? Motiveer jou antwoord.

____________________

## Werk met woorde

Vul die rymwoorde in die korrekte waentjies in.
Gebruik rymwoorde en skryf jou eie gedig in jou klaswerkboek.


vaar klaar huis vuur room suur boom seer meer suis



# 28 Partytjies en pieknieks



**Ons doen** Vra vir vier maats die volgende vrae en vul hulle antwoorde in.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Wat is jou naam? | | | | |
| Waar woon jy? | | | | |
| Wanneer is jy gebore? | | | | |
| Wie is jou beste maat? | | | | |
| Hoekom hou jy van hom of haar? | | | | |



**Ons skryf** Omkring die woorde wat in die verlede tyd is.

## Tydsvorme



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| gegaan | geëet | eet | speel | gespeel |
| drink | het gedrink | bestuur | het bestuur | gaan |

Verbind die woorde in die geel blok met die regte woorde in die pienk blok.

| Môre gaan ek | | Gister het ek |
|---|---|---|
| drink | | gegaan |
| ry | | gespeel |
| eet | | gery |
| speel | | geëet |
| gaan | | gedrink |

Datum:



**Ons skryf** Skryf hierdie sinne in die verlede tyd.
Begin met Gister.

| geëet | gespeel | gegaan |
|---|---|---|

| |
|---|
| Ons gaan na Oupa se verjaarsdagpiekniek toe. |
| Gister |
| Ons gaan vleis eet. |
| Gister |
| Ons gaan met 'n bal speel. |
| |



**Ons skryf** Nommer elke groep woorde om die regte alfabetiese volgorde te kry.


| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | hand | | | bed | | | pyn |
| 2 | hond | | | byt | | | pen |
| 3 | huis | | | bad | | | potlood |

**Vir die pret**

Skryf 'n uitnodiging vir 'n partytjie.

1. Sê wie se verjaardag dit is.
2. Sê wanneer die partytjie sal plaasvind.
3. Sê waar die partytjie sal plaasvind.
4. Sê hoe laat die partytjie sal begin.

★ Gelukkige Verjaardag ★



1. **Naam:**
2. **Datum:**
3. **Tyd:**
4. **Plek:**

ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

# 'n Besige dag






**Ons praat** Kyk na die prentjie en gesels oor wat jy sien.



**Ons lees**

## My besige dag

| | |
|---|---|
| 6:30 | Wakker geword |
| 6:45 | Gewas |
| 7:00 | Ontbyt geëet |
| 7:15 | My tande geborsel |
| 7:30 | Skool toe gestap |
| 8:00 | Hard gewerk in die klas |
| 13:00 | Gespeel |
| 14:00 | Middagete geëet |
| 15:00 | Die groentetuin natgelei |
| 16:00 | Huiswerk gedoen |
| 18:30 | Aandete geëet |
| 19:45 | My tande geborsel |
| 19:50 | My hare gekam |
| 20:00 | Gaan slaap |



Datum:



Ons skryf

Lees "My besige dag" en beantwoord dan elke vraag.
Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin.
Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

**Sigwoorde**

vertel
verder
sonder

Hoe laat het Jannie wakker geword?

______________________________

Hoe lank het hy ontbyt geëet?

______________________________

Hoeveel keer het hy sy tande geborsel?

______________________________

Hoe het Jannie by die skool gekom?

______________________________

Dink jy hy het 'n gebalanseerde leefstyl? Motiveer jou antwoord.


______________________________



Werk met woorde

Skryf hierdie woorde in die korrekte waentjies.

slaap ding gaap ring huis laat see skree lui mee suis kring






Ons skryf


Vul die rymwoorde in die korrekte raampies in.
Skryf jou eie gedig in jou klaswerkboek.





mier koud koek doek boud soek hier woud oud

| vier | goud | boek |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |



**Ons doen** Teken die wysers van die horlosies om te wys hoe laat dit is.

| Jannie het ontbyt geëet. | Jannie het skool toe geloop. | Jannie het sy huiswerk gedoen. | Jannie het die tuin natgegooi. |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |



**Ons skryf** Skryf 'n paragraaf met 8 sinne oor wat jy gister gedoen het (verlede tyd).
Begin elke sin met gister.



# My besige dag





Datum:



Ons skryf

Beplan en voltooi jou dagboekinskrywings. Jy en jou maat lees mekaar se inskrywings en redigeer waar nodig.



| Maandag | Datum |
|---|---|
| Maandag sal ek | |
| | |

| Dinsdag | Datum |
|---|---|
| | |
| | |

| Woensdag | Datum |
|---|---|
| | |
| | |

| Donderdag | Datum |
|---|---|
| | |
| | |

| Vrydag | Datum |
|---|---|
| | |
| | |




Vir die pret

Speel slangetjies-en-leertjies

**REËLS**

- Maak beurte om die dobbelsteentjie te gooi.
- Kyk na die getal op die dobbelsteentjie wanneer hy ophou rol.
- Skuif met jou merker die aantal blokkies aan wat op die dobbelsteentjie gewys word.
- As jy aan die onderpunt van die leer beland, kan jy opklim met die leer.
- As jy op 'n slang se kop beland, moet jy afgaan tot by die onderpunt van die stert.
- Die eerste een wat by 100 kom, is die wenner.

Jy sal die knipselblaaie agter in die boek kry.





ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# My ouma se storie



Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



Ons lees

## Hoekom ouma sulke pragtige potte maak

Lank, lank gelede toe ek so jonk soos jy was, het ek saam met my ma en pa op 'n plaas gewoon. Ons het baie koeie en skape gehad, maar ons het baie ver van ons vriende af gewoon. Daar was niemand met wie ek kon speel nie. Ek het altyd gestaan en kyk hoe my ma kleipotte maak. Sy het die klei uit die grond gehaal. Daarna het sy die potte met haar hande gevorm en dit dan in die son gesit om droog te word. Eendag het sy my my eie pot laat maak. Ek het die pot versigtig gevorm en dit al in die rondte gedraai.
Ek was so opgewonde om my eie kleipot te kon maak.



Datum:

Daarna het ek dit in die son gesit om droog te word. Daardie nag het dit begin reën. Toe ek wakker word, kon ek nie my pot kry nie. Dit het in modder verander. Al wat ek kon kry, was die rooi modderspoor wat in die tuin ingeloop het. Ek moes 'n ander pot maak. Ek het geoefen en geoefen. Dit is hoe ek geleer het om pragtige potte te maak.







Ons skryf

Lees die storie oor ouma se kleipot en beantwoord dan elke vraag.
Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin.
Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

Wie het die storie vertel?

Wat het sy gedoen wat agterlosig was?

Beskryf in jou eie woorde hoekom die ouma sulke pragtige potte gemaak het.

## Sigwoorde

amper
sny
een



Werk met woorde

Soek woorde met hierdie klanke in die storie en vul hulle in die regte spasies in.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| oo | -aa | ee | -ie |
| --- | --- | --- | --- |
| | | | |
| | | | |

# 32 'n Familieverhaal



**Ons doen**

Doen 'n rolspel oor die storie van die kleipot.



**Ons skryf**

Nommer die onderstaande sinne om die volgorde van die gebeure van die storie aan te dui. Nommer 1 is vir jou gedoen.




| | |
|---|---|
| | Dit het begin reën. |
| | Sy was baie hartseer. |
| | Sy het 'n nuwe pot gemaak. |
| | Die pot het in rooi modder verander. |
| | Sy het die pot in die son gesit om droog te word. |
| 1 | Die ouma het haar eerste pot gemaak toe sy 'n jong meisie was. |



**Ons skryf**

Beplan om jou eie storie te skryf. Vertel vir jou maat waaroor jou storie gaan handel. Gebruik die geheuekaart om seker te maak dat jou storie 'n begin, 'n middel en 'n einde het.





**Beplan om jou eie storie te skryf**

**Begin**

Begin deur te sê wanneer dit was.

**Middel**

Sê in die middel wat gebeur het.

**Steeds in die middel**

Sê wat gebeur het.

**Einde**

Hoe het die storie geëindig?






**Vir die pret**

Knip die volgende twee bladsye uit. Maak 'n boek. Skryf die titel van die boek op die voorblad. Skryf jou naam onder die titel omdat jy die skrywer is. Teken 'n prentjie op die voorblad. Skryf nou jou storie met 'n begin, 'n middel en 'n einde.

## AGTERBLAD

### DIE SKRYWER

Skryf jou naam



Jou ouderdom

Waar jy woon

8

STAP 2. Vou op die stippellyn.

STAP 3. Kram aan hierdie kant vas.

## VOORBLAD

Teken hier 'n prentjie.



Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

STAP 4. Knip op die stippellyn uit nadat jy jou boek gekram het.

STAP 1. Vou op die stippellyn.

5

Gaan hier voort met jou storie.

Teken hier 'n prentjie.



4



Skryf die middel van jou storie hier en op bladsy 5.

Teken hier 'n prentjie.


Teken hier 'n prentjie.



Begin jou storie hier en gaan voort op bladsy 3.

2

Teken hier 'n prentjie.



Maak jou storie klaar.

7

3

Gaan hier voort met jou storie.



Teken hier 'n prentjie.

6

Skryf hier wat gebeur aan die einde van jou storie.



Teken hier 'n prentjie.



# Inhoud

## Tema 3: Op reis — Kwartaal 2: Week 1– 4


**33 Plekke om te besoek 70**

Lees en begrip: 'n Inligtingspamflet
Klankleer: Woorde soos "swerm" en "kramp"

**34 Waarheen gaan ons? 72**

Teken 'n prent op die T-hemp en verbind dit met 'n plek op die kaart van Suid-Afrika.
Skryf: Vul kommas in.
Taal: Herskryf spraakborrels in die direkte rede. Gebruik aanhalingstekens.
Praataktiwiteit: Voer onderhoude met 10 maats en vra hulle watter plekke hulle graag wil besoek. Vul die antwoorde op die tabel in.
Visuele voorstelling: Stel 'n diagram op deur blokkies vir elke "ja"-antwoord in te kleur.

**35 Tafelberg 74**

Lees en begrip: 'n Koerantberig
Klankleer: -rm, -rk, -rp, -rt, -ns, -mp
Klankleer: Rymwoorde

**36 Skryf 'n koerantberig 76**

Taal: Omkring die adjektiewe en die werkwoorde in die verlede tyd. Kies die woorde in die teenwoordige tyd wat pas by die woorde in die verlede tyd.
Taal: Skryf sinne in die verlede tyd oor. Begin met "Gister".
Praataktiwiteit: Praat oor die koerant. Praat oor jou eie nuus van die huis en skool.
Beplan om 'n koerantberig te skryf.
Skryf: Skryf 'n koerantberig.

**37 Kyk al die visse 78**

Lees en begrip: 'n Plakkaat
Klankleer: -el, -er, -em, -en

**38 Die akwarium 80**

Praataktiwiteit: Bespreek die plakkaat oor die akwarium.
Taal: Omkring die byvoeglike naamwoorde.
Skryf: Beskryf jouself deur byvoeglike naamwoorde te gebruik.
Skryf: Maak 'n plakkaat om 'n vermiste hond te beskryf. Gee 'n beskrywing van die hond sodat mense hom sal kan identifiseer. Vul byvoeglike naamwoorde in.

**39 Pilanesberg 82**

Praataktiwiteit: Kyk na die prente en voorspel die nuus wat die nuusleser lees.
Lees en begrip: Nuus van die Pilanesberg-natuurreservaat
Klankleer: Woorde soos "slurp", "speld", "flits"
Taal: Kies woorde in die verlede tyd wat pas by woorde in die teenwoordige tyd.

**40 Op pad terug van Pilanesberg af 84**

Praataktiwiteit: Verbeel jou jy is 'n nuusleser en lees die nuus.
Taal: Skryf die sinne in die verlede tyd en in die toekomende tyd.
Verander spraakborrels na die direkte rede en gebruik aanhalingstekens.
Praataktiwiteit: Die gebruik van visuele leidrade: verduidelik wat in prente gebeur.

**41 Die Addo-olifantpark 86**

Lees en begrip: Dagboekinskrywing
Klankleer: Woorde met ng
Taal: Kies woorde in die verlede tyd wat pas by woorde in die teenwoordige tyd.

**42 Meer oor die Addo-olifantpark 88**

Praataktiwiteit: Rolspeel die storie.
Taal: Verbind sinsdele om samegestelde sinne te vorm.
Skryf: Vul 'n dagboek in oor wat jy hierdie week gaan doen (toekomende tyd).
Lees: Lees jou maat se weekdagboek.

**43 Gold Reef City 90**

Lees en begrip: 'n Poskaart
Klankleer: Woorde met nk
Taal: Voeg str-, skr- of sk- vooraan woorde om die woorde by die prentjies te laat pas.

**44 Pret by Gold Reef City 92**

Taal: Verbind die sinsdele deur voegwoorde omdat, daarom en maar te gebruik.
Taal: Kies en omkring 'n byvoeglike naamwoord om die sin interessanter te maak.
Skryf: Beskryf 'n plek of 'n ding.
Skryf: Skryf poskaarte aan twee maats.

**45 Ons ry terug huis toe 94**

Lees en begrip: Verhalende teks
Taal: Gebruik beskrywende woorde
Klankleer: Woorde met be- en ge-

**46 Terug by die huis 96**

Praataktiwiteit: Gesels met jou maat oor vervoermiddele.
Taal: Verbind sinsdele om sinne te maak.
Skryf: Teken en beskryf 'n vervoermiddel.
Pretaktiwiteit: Identifiseer die liggaamsdele van diere.

**47 Kom ons skryf 'n storie 98**

Praataktiwiteit: Gebruik visuele leidrade om te voorspel waaroor die storie handel.
Ons lees: Gedeelde lees (verhalende teks)
Begripsoefening
Klankleer: Woorde met ver- en te-
Skryf: Onderskei tussen woorde wat eners gespel word.

**48 Skryf oor wat ons gesien het 100**

Praataktiwiteit: Gesels oor jou eie nuus.
Skryf: Skryf 'n storieboek met 'n begin, 'n middel en 'n einde.






# Plekke om te besoek





Ons lees

Lees die strooibiljette en bespreek die doel daarvan en die teikengroep waarvoor dit bedoel is.

## Wes-Kaap

Besoek Tafelberg. Ry met 'n kabelkar tot bo-op die berg. Geniet 'n piekniek bo-op die berg.

Besoek die akwarium en sien haaie, dolfyne en visse.



## Gauteng

Geniet 'n dag by Gold Reef City. Gaan in 'n goudmyn af. Ry op die mallemeule.

Lê besoek af by Soccer City.



## Noordwes

Besoek die Pilanesberg-wildreservaat. Ry op 'n olifant. Sien kameelperde, sebras en leeus. Neem foto's van die diere.



## KwaZulu-Natal

As jy na die uShaka-akwarium toe gaan, kan jy dolfyne sien wat sokker speel en pikkewyne wat dans. Kyk na die seeleeus wat balle op hul neuse balanseer. As jy baie dapper is, kan jy in 'n staalhok saam met die haaie duik.



## Limpopo

Besoek die Reënwoud. Jy sal reuseplante en die hoogste bome sien.

Onthou om jou reënjas en saambreel saam te bring.



## Noord-Kaap

Kom Kimberley toe en sien die grootste gat in die wêreld. Geniet middagete by 'n piekniekplek langs die Groot Gat.



## Mpumalanga

Bestee tyd in die Krugerwildtuin. Die Groot Vyf woon in die park. Sien leeus, olifante, renosters, luiperds en buffels. Geniet dan 'n piekniekmiddagete op 'n veilige plek weg van die wilde diere af.



## Vrystaat

Besoek die Sandfontein-park. Jy sal renosters, buffels, kameelperde en ystervarke sien.

Jy kan ook in 'n groot dam swem.



## Oos-Kaap

Die Addo-olifantpark het baie olifante. Probeer om hulle almal te sien. By die naaste strand kan jy walvisse en selfs witdoodhaaie sien!



Datum:



# Toekomende tyd



**Ons skryf** Beantwoord hierdie vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

Watter reis sal vir jou die beste wees? Hoekom?

Wat sal mense in die Wes-Kaap sien?

Hulle sal

Wat sal hulle in KwaZulu-Natal sien?

Hulle sal






**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die dubbeleindklanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| skerm | wors | kalm | stamp | klank |
| swerm | skaars | skelm | klomp | skink |
| storm | pers | talm | kramp | drink |



**Ons skryf** Omkring die woorde wat 'n f-klank het.





| | | | |
|---|---|---|---|
| dolfyn | vir | vier | foto |
| swart | padda | fyn | hoop |
| diepste | vry | olifant | fiets |
| foon | foute | kos | frats |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Waarheen gaan ons?





**Ons praat** Gesels met jou maat oor waarheen jy wil gaan en wat jy graag wil sien.



**Ons doen**

Teken dan 'n prentjie op die T-hemp om te wys wat jy sal sien. Merk op die kaart die provinsie wat jy sal besoek.








**Ons skryf** Voeg kommas by die sinne en sê vir jou maat hoeveel dinge daar in elke lys is.

**Kommas**

Jy kan leeus ☐ olifante ☐ buffels en kameelperde sien.

Jy kan vleis ☐ groente ☐ brood en roomys eet.

Jy kan die dolfyne ☐ pikkewyne ☐ haaie en walvisse sien.






Gebruik aanhalingstekens om te wys wat hierdie kinders sê. **Ons skryf**

Jabu sê: " ______________________________

______________________________ ."

Datum: ______________

# Direkte rede




Lientjie sê: " ______________________________________________

______________________________________________________ ."




Jan sê: " ______________________________________________

______________________________________________________ ."





Grieta vra: " ______________________________________________

______________________________________________________ ."



Vir die pret

Vra vir 10 maats waarheen hulle graag sal wil gaan. Vra: "Sal jy graag Tafelberg wil besoek? Wil jy graag na die Addo-olifantpark toe gaan?" Kleur die blokkie in elke keer wanneer die persoon "ja" antwoord. Begin by die onderkant van die tabel. Jou tabel sal min of meer soos die een regs lyk.




| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| Tafelberg | Sandfontein-wildpark | Gold Reef City | uShaka-akwarium | Krugerwildtuin | Groot Gat | Reënwoud | Pilansberg wildreservaat | Addo-olifantspark |



# 35 Tafelberg



Ons praat

Voorspel waaroor die koerantberig handel deur na die titel en foto's van die berig te kyk.

Ons lees



## Groot Skoolnuus





### Die klas gaan op en op ...

16 Junie 2015

Almal het die besoek aan Tafelberg geniet. Dit was koud op die berg en daarom het ons baadjies en hoede gedra. 'n Gawe man het ons gehelp om Grieta se rolstoel in die kabelkar te sit. Sy kon nie met die trappe opgaan nie. Op pad teen die berg op het ons dassies gesien. Hulle lyk net soos vet hasies. Die kabelkar was binne vyf minute bo-op die berg. Die lug was koud.

Ons het foto's bo-op die berg geneem. Die berg was plat bo-op, net soos 'n tafel. Terwyl ons bo-op die berg was, het Jan geval en sy knie gestamp. Hy het nie seergekry nie. Ná die besoek aan die berg het ons die Twee Oseane-akwarium besoek. Ons het visse, haaie en waterskilpaaie gesien.

Datum:



Ons skryf

Lees die koerantberig en beantwoord dan hierdie vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.



| |
|---|
| Hoe lank het dit geduur voordat hulle bo-op die berg was? |
| |
| Waarom het hulle dik jasse en warm hoede gedra? |
| |
| Waarom dink jy word dit Tafelberg genoem? |
| |
| Wat het met Jan gebeur? |
| |
| Dink jy die berig het 'n goeie titel? Waarom? Waarom nie? |
| |




Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die dubbeleindklanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| arm | vark | serp | kaart | mens |
| kerm | park | dorp | kort | wens |
| warm | hurk | werp | fort | lens |



Ons skryf

Watter woorde in die rye klink nie soos die woorde in die eerste blok nie?



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| speel | reël | meel | geel | veel | sal |
| hoekom | bloekom | hoeveel | waarom | daarom | rondom |
| voet | lees | moet | spoed | goed | vergoed |
| boot | lood | groot | stook | dood | nood |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Skryf 'n koerantberig



## Byvoeglike naamwoorde



Ons skryf

Omkring die woorde in die sinne wat mense, diere of dinge beskryf, en onderstreep die voorsetsels. Die eerste sin het ons vir jou gedoen.

Woorde wat vir ons sê waar dinge is, word voorsetsels genoem.

| |
|---|
| Die (stout) kinders jaag die dassie op die berg. |
| Hulle het 'n bruin dassie onder die rotse gesien. |
| Die sterk man het die rolstoel binne-in die kabelkar gesit. |
| Ek het 'n rooi pen in my sak gehad. |



## Tydsvorme



Ons skryf

Omkring die woorde in die verlede tyd en die woorde in die teenwoordige tyd wat daarby pas, met dieselfde kleur. Gebruik verskillende kleure vir elke woordpaar.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| hardloop | loop | (skryf) | gerus | dans |
| sing | gepraat | speel | praat | gesing |
| rus | bel | gehardloop | gebel | gedans |
| (geskryf) | gespeel | geloop | gestap | stap |

Skryf nou hierdie sinne oor en begin met gister.

| |
|---|
| Ek speel. |
| Gister het ek |
| Ek stap. |
| Gister het ek |
| Ek praat. |
| Gister het ek |
| Hulle kyk TV. |
| Gister het hulle |

Datum:



Ons praat

Gesels met jou maat oor die klaskoerant op die vorige bladsy. Praat oor jou eie nuus van jou huis en skool. Gesels oor die nuus wat jy in die koerant wil plaas.

Skryf 'n paar idees neer.

Ons lees



| Wat het gebeur? | Wanneer het dit gebeur? |
| --- | --- |
| | |
| **Waar het dit gebeur?** | **Hoekom was dit interessant?** |
| | |



Vir die pret

Skryf jou koerantberig in die spasie hieronder. Teken 'n prentjie oor jou koerantberig. Laat 'n maat jou koerantberig lees.



Naam van koerant ______________________

Datum ______________________

Titel van die storie ______________________

Skryf jou nuus hier.

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

Teken hier 'n prentjie.

# Kyk al die visse



**Ons praat**

Kyk na die prent en gesels daaroor.
Stel 'n klasstorie saam.

'n Akwarium is 'n plek waar duisende visse is. Mense kom om na die verskillende soorte visse te kyk.





## Besoek die akwarium






Kom na die grootste tuiste vir visse.
Ons het baie visse in een plek.
Kom kyk na die seekatte, stervisse,
waterskilpaaie en haaie.
Kom lag vir die seeleeus en die dolfyne.
Kom teen middagete en kyk hoe
die haaie gevoer word.





Open om 09:00
Sluit om 17:00




Volwassenes R10
Skoliere gratis

Datum:



Ons skryf

Lees die plakkaat en beantwoord dan die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.



Wat sal jy by die akwarium sien?

Hoe laat maak die akwarium oop?

Hoe laat sluit die akwarium?

Hoeveel betaal volwassenes om in te gaan?

Verduidelik in jou eie woorde wat 'n akwarium is.



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die dubbeleindklanke. Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

**Sigwoorde**


tussen
watter
later

| | | |
|---|---|---|
| bedel | wortel | nader |
| wafel | ketel | verder |
| tafel | deksel | onder |

| | |
|---|---|
| besem | teken |
| asem | reken |
| wasem | laken |



*Spelreël:*
*Party woorde eindig op "-en" maar dit klink soos "-in".*




ONDERWYSER: Teken Datum

# Die akwarium





Ons praat



Gesels met jou maat oor die plakkaat op die vorige bladsy.
Wat sê die plakkaat vir ons?
Wie dink jy sal die meeste daarin belangstel om die plakkaat te lees? Kinders of volwassenes? Hoekom?
Watter ander plakkate het jy al gesien? Watter ander inligting kan ons van plakkate af kry?




Ons skryf

Omkring die woord wat die vis beskryf.

## Byvoeglike naamwoorde



| |
|---|
| Die klein vissie het weggeswem. |
| Die groot haai met skerp tande het vir ons gekyk. |
| Die drillerige jellievis het verbygekom. |
| Die glibberige dolfyn het uit die water gespring. |
| Die lawwe seeleeus balanseer balle op hulle lang neuse. |



Skryf nou 'n beskrywende **paragraaf** oor jouself.
Sê hoe jy lyk. Is jy lank of kort? Is jy groot of klein?



Ons skryf



Datum:



Vir die pret

Hierdie hond het weggeraak. Vertel vir jou maat hoe hierdie hond lyk. Maak 'n plakkaat wat die hond beskryf sodat mense na die hond kan soek. Sê hoe die hond lyk, hoe hy voel en selfs die geluide wat hy maak. Gee vir die hond 'n naam. Sê wie hulle moet skakel as hulle die hond kry.

# VERMISTE HOND



Lyk soos

Voel soos

Sy naam

As jy my hond kry, bel asseblief vir
(Vul jou naam in)

My telefoonnommer is

As jy my hond kry, kan jy hom asseblief na hierdie adres toe bring?
(Skryf jou eie adres in.)

# 39 Pilanesberg



## Ons praat


Kyk na die prentjie van die nuusleser en gesels oor die nuus waaroor jy dink hy besig is om te praat.





## Ons lees

Dit is die nuus van die Pilanesberg-natuurreservaat. NUUS Dinsdag, 16 Junie.



Gister het 'n groep leerders met 'n bus by die Pilanesberg-natuurreservaat aangekom. Hulle het gekom om die olifante, renosters en die ander wild te sien.

Terwyl Jan Smit die olifante by die watergat dopgehou het, het hy 'n klein groen paddatjie gesien. Hy het probeer om die padda te vang, maar hy het gegly en sy arm gesny.

Sy onderwyser het hom na die kliniek toe geneem. Jan het die klein groen paddatjie in sy sak gekry.

Datum:



Ons skryf

Lees die nuusberig en beantwoord dan hierdie vrae.
Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin.
Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.



Wanneer was die kinders in die Pilansberg-wildreservaat?

Beskryf die volgorde van die gebeure wat daartoe gelei het dat Jan kliniek toe moes gaan.



Eers het hy

Toe het hy

Uiteindelik het hy



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die dubbeleindklanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| speld | mond | blink | glans | sing |
| skuld | hond | stink | krans | bring |
| skild | grond | flink | grens | kring |



Ons skryf

Omkring die woorde in die verlede tyd en die woorde in die teenwoordige tyd wat daarby pas, met dieselfde kleur.
Gebruik verskillende kleure vir elke woordpaar.

## Tydsvorme



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| gevind | gegly | gekyk | het probeer | gesien |
| geneem | dopgehou | vind | gly | kyk |
| probeer | loop | het gesing | vra | neem |
| dophou | sing | gevra | sien | geloop |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 40 Op pad terug van Pilanesberg af



**Ons doen**

Dink nuus uit oor wat gister gebeur het. Verbeel jou jy is 'n nuusleser en lees vir almal die nuus.



**Tydsvorme**



**Ons skryf**

Skryf hierdie sinne in die verlede tyd.
Skryf hulle dan in die toekomende tyd.

| |
|---|
| Ek gaan skool toe. |
| Gister het ek |
| Môre sal ek |
| Hy drink sy medisyne. |
| Gister |
| Môre |
| Ons kyk TV. |
| Gister |
| Môre |





**Ons skryf**

Gebruik aanhalingstekens om te wys wat hulle sê.




Lientjie sê: " ______________________________

______________________________________________."

Datum:

## Direkte rede



Ek is moeg.

Piet sê: "______________________________

______________________________."



Ons gaan na die bus toe.

Jabu sê: "______________________________

______________________________."



Jy is my beste maat.

Bongi sê: "______________________________

______________________________."



Vir die pret

Kyk na hierdie prentjie van 'n olifant wat water drink. Verduidelik vir jou maat wat jy sien.





### Hoe drink 'n olifant water?

Eers suig hy die water in sy slurp op.
Dan sit hy die slurp in sy mond.
Dan blaas hy die water in sy mond in.



# 41 Die Addo-olifantpark

**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



**Ons lees** Lees Jan se dagboek van sy reis na die Addo-olifantpark.



Liewe Dagboek 14 Mei 2015

Vandag was 'n baie spesiale dag vir my. Dit was my negende verjaardag en my onderwyser het ons na die Addo-olifantpark toe geneem!

Ek was so gelukkig om saam met my maats, Jabu en Karien, te wees. Ons het baie olifante gesien. Daar was ook 'n klein baba-olifant. Hy was baie oulik. Toe ons stilgehou het om te eet, het ek my skoene uitgetrek want dit was baie warm. 'n Stoute apie het gekom en een van my skoene gegaps. Ek het huis toe gegaan met net een skoen.

Ek was bly om by die huis te kom, want toe kon ek van my verjaardagkoek eet.

Jan



Datum:



Ons skryf

Lees die dagboek en beantwoord dan die vrae.
Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin.
Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

| |
|---|
| Waar was die kinders? |
| Hulle was by die |
| Wat het Jan in die park verloor? |
| Hy het sy |
| Wie het dit gevat? |
| |
| Wat sal jy maak as 'n apie jou skoen gaps? |
| |



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| bang | ring | vinger | honger |
| sang | sing | banger | stingel |
| rang | spring | langer | menger |




**Sigwoorde**
gister
kinders
kamer



Ons skryf

Verbind die volgende woorde in die teenwoordige tyd met die woorde in die verlede tyd.

**Tydsvorme**



| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| kom | kyk | steel | is | sien | vat | gaan |
| gekom | gesteel | gekyk | gevat | was | gegaan | gesien |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Meer oor die Addo-olifantpark



Ons doen

Doen 'n rolspel oor wat in die Addo-olifantpark met Jan gebeur het. Laat een van jou maats soos die apie optree.



Ons skryf

Verbind die woorde in die linkerblok met die korrekte woorde in die regterblok om 'n sin te maak.

| | |
|---|---|
| As jy jou skoene by die rivier los, | sal jy jouself brand. |
| As jy jou huiswerk doen, | sal jy betyds opstaan om skool toe te gaan. |
| As jy vroeg bed toe gaan, | sal 'n apie dit steel. |
| As jy met vuur speel, | sal jou juffrou baie tevrede met jou wees. |

Ons skryf

Skryf neer wat jy hierdie week gaan doen. Ruil dan boeke om met jou maat en kyk of daar dae is wanneer julle dieselfde ding doen.

## DAGBOEK

| My naam | | Maand |
|---|---|---|
| Datum | Dag | Wat ek gaan doen |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

Datum:



Vir die pret

Hou 4 dae lank 'n dagboek. Skryf oor die weer en ander nuus. Begin oor vandag skryf. Skryf dan weer môre en die volgende dag en die dag daarna totdat jy jou dagboek voltooi het.

| Liewe Dagboek | Datum |
| --- | --- |
| | |
| | |
| | |
| | |

| Liewe Dagboek | Datum |
| --- | --- |
| | |
| | |
| | |
| | |

| Liewe Dagboek | Datum |
| --- | --- |
| | |
| | |
| | |
| | |

| Liewe Dagboek | Datum |
| --- | --- |
| | |
| | |
| | |
| | |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Gold Reef City



Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



Liewe Dumi

Ek het gedink jy sal van hierdie poskaart hou. Ek het dit gekoop toe ons by Gold Reef City in Johannesburg was.

Ons het na die yslike stad Johannesburg gery en die strate was baie besig. Ons het Soccer City gesien. Dit is 'n baie groot stadion. Daar is plek vir 90 000 mense, so baie mense kan daar sokker en rugby gaan kyk.

By Gold Reef City het ons in 'n baie diep, donker myn afgegaan. Dit was so donker dat ek 'n baie skerp flitslig moes gebruik om te kon sien. Later het ons op die kleurvolle mallemeule gery. Ek het gegil omdat dit so vinnig in die rondte gedraai het.

Ek wens jy kan volgende keer saam met ons kom.

Jou niggie

Bongi



Dumi Makhanya
Standplaas 12, Steve Bikolaan
Soweto
Suid-Afrika
3219





Ons skryf

Lees die poskaart en beantwoord dan die volgende vrae.
Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin.
Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

Aan wie skryf Bongi?

Waarheen het Bongi gegaan?

Watter twee plekke het Bongi besoek?

Hoe was dit onder in die myn?

Wanneer het Bongi die poskaart geskryf?

Het sy die tydjie daar geniet? Hoekom sê jy so?



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.




| | | | |
|---|---|---|---|
| blink | dink | donkie | winkel |
| sink | tronk | bankie | stronkie |
| klink | jonk | dankie | vonkie |




Ons skryf

Voeg skr, str of sk by hierdie woorde sodat hulle by die regte prentjie pas.









| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| _ _ _ eeu | _ _ _ aat | _ _ ool | _ _ _ oom | _ _ _ ooitjie |

# 44 Pret by Gold Reef City



## Voegwoorde





Ons skryf

Verbind die woorde in die pienk blok met die korrekte woorde in die groen blok om 'n sin te maak.

| | |
|---|---|
| Ek het geskreeu omdat | het ons 'n flitslig gebruik. |
| Dit was baie donker, daarom | maar dit was nie koud nie. |
| Dit het gereën | die mallemeule so vinnig gedraai het. |

## Byvoeglike naamwoorde



Ons skryf

Lees die poskaart en voltooi dan hierdie sinne. Gebruik hierdie woorde om jou te help.

kleurvolle

diep | groot | yslike | donker

Soccer City is 'n ____________________ stadion.

Ons het op 'n ______________________ mallemeule gery.

Toe het ons afgegaan in 'n ______________ myn.



Ons skryf

Kies en omkring een van die woorde om elke sin interessanter te maak. Hierdie woorde word gebruik om mense of dinge te beskryf.



| |
|---|
| Die gawe/gemene onderwyser het met die stoute/slim meisie gepraat. |
| Die groot/klein motor het in die stil/besige straat af gery. |
| Die maer/vet man het die klein/groot vark gejaag. |
| Die pragtige/lelike meisie het in die vuil/skoon huis ingegaan. |
| Die netjiese/deurmekaar tuin was vol dooie/lewende plante. |

Datum:

Ons skryf

Skryf nou jou eie twee sinne wat 'n plek of 'n ding beskryf.

Vir die pret

Skryf poskaarte aan twee van jou maats. Vertel vir hulle wat jy op die bustoer gesien het.





# Ons ry terug huis toe





**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



**Ons lees**

## Ons moes almal terugreis



Jannie se groep het met die trein teruggekom. Dit was 'n baie lang trein. Die trein het baie stadig om die draaie gery en baie vinnig by die afdraandes af.


Die trein het ons almal baie vaak gemaak en ons het almal aan die slaap geraak.



Bongi se groep het met die Gautrein huis toe gegaan. Mev. Jonker het die trein bestuur. Dit was 'n kort, grys trein. Dit het baie vinniger as enige ander trein gery. Bongi het gesê sy was so opgewonde op die trein dat dit gevoel het of daar vlinders in haar maag was.



Jan se groep het met 'n geel bus teruggekom. Die pad was baie stamperig en die bus het geskud. Partykeer het dit hard geskud en ander kere net 'n bietjie. Hulle het almal bewerig gevoel toe ons afklim.



Party van ons het teruggegaan skool toe met 'n donkiekar. Die kar was bloedrooi. Dit was baie stadig en het gekreun en gekraak. Ons het dit geniet om na die helderkleurige blomme en groen bome te kyk terwyl ons stadig huis toe gery het.

Datum:



Ons skryf

Lees die storie en beantwoord dan die vrae.



| Voertuig | Hoe het dit gelyk? | Hoe het dit gery? | Hoe het die kinders gevoel? |
|---|---|---|---|
|  | Kort en grys | Baie vinnig | Opgewonde |
|  | | | |
|  | | | |
|  | | | |




Werk met woorde

Skryf hierdie woorde in die korrekte waentjies.

kruiwa plas prut plaas kraal praat

dwaal blou dwars blaar



# 46 Terug by die huis

## Ons praat

Gesels met jou maat oor hierdie vervoermiddele. Wat doen hulle wat dieselfde is?
Hoe verskil hulle van mekaar?



## Ons skryf

Verbind die woorde in die pienk blok met die korrekte woorde in die geel blok om 'n sin te maak.

| | |
|---|---|
| Die lang trein | het op die stamperige pad geskud. |
| Die kort grys Gautrein | het gekraak en gekreun terwyl dit gery het. |
| Die rooi donkiekar | het baie vinnig gery. |
| Die geel bus | het stadig om die draaie gegaan. |

## Ons skryf


Teken 'n prentjie van 'n vervoermiddel.
Skryf dan twee sinne om dit te beskryf.

Datum:



## Vir die pret

Aan wie behoort hierdie liggaamsdeel?
Sê hoe dit lyk en verbind dan die prentjies met die korrekte woorde.





- luiperd
- olifant
- leeu
- kameelperd
- renoster
- sebra
- dolfyn
- seekat
- vis
- dassie
- pikkewyn
- seeleeu








ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______


# 47 Kom ons skryf 'n storie

Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.









Ons lees

## Begin

Ek het by die rivier gestaan en kyk hoe die olifante water drink. Twee van die olifante het met hulle slurpe en tande baklei.

## Middel


Skielik het ek 'n klein groen paddatjie gesien. Ek het besluit om agter die padda aan te hardloop.

Terwyl ek besig was om agter die padda aan te hardloop, het ek gegly en in 'n gat geval. Ek het my hand gesny en dit het begin bloei.

## Einde

My juffrou het my na die dokter toe geneem. Die dokter het steke in my hand gesit en vir my 'n inspuiting gegee.

Datum:






Ons skryf

Lees die storie en beantwoord dan hierdie vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

Wat was Jan besig om te doen aan die begin van die storie?

Hoe het Jan seergekry?

Wat het die dokter gedoen?



Hoe dink jy het Jan by die dokter gevoel?

Wat is 'n goeie titel vir hierdie storie?



Werk met woorde


Lees die woorde en luister na die klanke. Klap die woorde in lettergrepe. Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| verdien | vertaal | versoek | tegelyk | tesame |
| verkies | verkeerd | versorg | tevrede | tevore |
| verstik | verveeld | verskeur | terug | tegemoet |



Ons skryf

| | | |
|---|---|---|
| Omkring die een wat ons eet. | vleis | reis |
| Omkring die een wat 'n kleur is. | blou | mou |
| Omkring een wat ons nie kan eet nie. | peer | veer |







ONDERWYSER: Teken Datum

# Skryf oor wat ons gesien het






Ons praat

Gesels oor jou eie nuus.
Vertel vir jou maats nuus van die huis af.
Gesels oor 'n storie wat jy kan skryf







Ons skryf

| Hoe sal jy jou storie begin? | Wat sal jy in die middel skryf? | Hoe sal jy jou storie afsluit? |
|---|---|---|
| | | |



Ons skryf

Skryf jou storie in jou klaswerkboek. Lees dit dan deur en maak reg waar nodig voordat jy dit in hierdie boek skryf.



Vir die pret


Knip die volgende bladsye uit. Maak 'n boek. Skryf die titel van die boek op die voorblad. Skryf jou naam onder die titel want jy is die skrywer. Teken 'n prentjie op die voorblad. Skryf nou jou storie met 'n begin, 'n middel en 'n einde. Laat 'n maat jou storie lees.



## AGTERBLAD

## DIE SKRYWER

Skryf jou naam



Jou ouderdom

Waar jy woon

8


STAP 4. Knip op die stippellyn uit nadat jy jou boek gekram het.

STAP 2. Vou op die stippellyn.

STAP 3. Kram aan hierdie kant vas.

## VOORBLAD

Teken hier 'n prentjie.



Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

STAP 1. Vou op die stippellyn.

5

Gaan hier voort met jou storie.

Teken hier 'n prentjie.



4

Skryf die middel van jou storie hier en op bladsy 5.

Teken hier 'n prentjie.


Teken hier 'n prentjie.



Begin jou storie hier en gaan voort op bladsy 3.



Teken hier 'n prentjie.



Maak jou storie klaar.





Gaan hier voort met jou storie.



Teken hier 'n prentjie.



Skryf hier wat gebeur aan die einde van jou storie.



Teken hier 'n prentjie.



# Inhoud

## Tema 4: Ons omgewing — Kwartaal 2: Week 5–8


**49 Die leeu en die muis** *104*

Lees en begrip (verhalende teks)
Skryf: Meerkeusebegrip
Praataktiwiteit: Knip vingerpoppe uit en gebruik hulle om die storie van die leeu en die muis te vertel.

**50 Die groot leeu en die klein muisie** *106*

Taal: Verander die spraakborrels na direkte rede.
Klankleer: Woorde het -ige
Taal: Teenoorgesteldes
Taal: Punktuasie
Skryf: Skryf 'n bedankingskaartjie aan iemand wat jou gehelp het.

**51 Die haas en die skilpad** *108*

Lees en begrip: Verhalende teks
Klankleer: Woorde met -ik en -ike

**52 Die diereresies** *110*

Praataktiwiteit: Praat oor die raaisels wat gegee is.
Skryf: Skryf sinne om te wys wat aan die begin, in die middel en aan die einde van die storie oor die haas en die skilpad gebeur het.
Taal: Skryf sametrekkings volledig uit.
Pretaktiwiteit: Bordspeletjie

**53 Die son en die wind** *112*

Lees en begrip: Verhalende teks
Klankleer: Samegestelde woorde

**54 Die groot kompetisie** *114*

Praataktiwiteit: Doen 'n rolspel oor die storie van die son en die wind.
Taal: Omkring die werkwoorde.
Skryf: Skryf 'n sin oor elke prentjie.
Praataktiwiteit: Verduidelik die fases van die maan.
Teken elke Maandag die maan en sê in watter fase dit is.

**55 Bongi ry rond** *116*

Lees en begrip: Verhalende teks
Klankleer: Samegestelde woorde

**56 Bongi ry fiets** *118*

Praataktiwiteit: Doen 'n rolspel van die storie.
Taal: Omkring die byvoeglike naamwoorde.
Taal: Herskryf sinne in die verlede tyd. Begin met "Gister".
Taal: Maak jou eie samegestelde woorde.
Visuele voorstelling: Lees wat Bongi en Anita sê en vul dan die korrekte nommer van elke plek op die kaart in (afleidings en grafiese voorstelling).

**57 Bongi tel vullis op** *120*

Lees en begrip: Verhalende teks en plakkaat
Klankleer: Woorde met f en v
Begripsoefening
Taal: Byvoeglike naamwoorde

**58 Die groot skoonmaak** *122*

Praataktiwiteit: Bespreek hoe jy die skool kan opruim.
Skryf: Skryf 'n paragraaf oor jou skool en sê watter dele skoongemaak kan word.
Taal: Vul die ontbrekende byvoeglike naamwoorde in.
Skryf: Maak 'n plakkaat om kinders uit te nooi om die skool te kom help skoonmaak.

**59 Diepseeduik** *124*

Lees en begrip: Verhalende teks

**60 Onder die see** *126*

Praataktiwiteit: Rolspeel die storie.
Klankleer: Woorde met f en v
Skryf: Voltooi die storie.
Praataktiwiteit: Gesels met jou maat oor die dinge wat 'n diepseeduiker nodig het.

**61 Die wêreld van die mier** *128*

Lees en begrip: Inligtingsteks
Skryf: Breek die woorde in lettergrepe op.

**62 Meer oor miere** *130*

Beskryf 'n mierspoor en teken dit.
Taal: Herskryf sinne in die verlede tyd. Begin met "Gister".
Skryf: Omkring die regte woord.
Skryf: Alfabetiese volgorde
Pretaktiwiteit: teken gesigte om die emosies gelukkig, kwaad, hartseer en verbaas te wys.

**63 Iets oor lees** *132*

Nommer stories volgens voorkeur.
Begripsoefening
Klankleer: Breek die woorde in lettergrepe op.

**64 Ons skryf 'n storie** *134*

Praataktiwiteit: Gesels met jou maat oor die storie waarvan jy die meeste gehou het.
Skryf: Skryf 'n storieboek met 'n begin, 'n middel en 'n einde.

**My woordeboek** *137*






# Die leeu en die muis





Ons praat

Anna se ouma vertel haar gunstelingstorie.
Kyk na die prentjies en sê dan wat jy dink in die storie gaan gebeur.
Vertel vir jou maat waaroor die storie handel.



Ons lees



## Die groot leeu en die klein muisie

Eendag het 'n klein muisie per ongeluk 'n slapende leeu wakker gemaak.

Die leeu het gegrom en gesê: "Jou klein snip! Hoe durf jy my wakker maak! Ek gaan jou eet!" Hy het die klein muisie se stert onder sy groot poot vasgetrap.

"Asseblief, meneer Leeu, ek is maar net 'n klein muisie. Moenie my eet nie, asseblief, ek is te klein."

Die leeu het gegrom en gesê: " Ja, dis waar. Jy sal skaars my maag volmaak."

"Baie, baie dankie, meneer Leeu," het die klein muisie gepiep. "Eendag sal ek jou help."

"Ha, ha!" het die groot leeu gebrul. "Hoe sal 'n klein muisie soos jy my ooit kan help? Ek is die koning van al die wilde diere. Sterk, groot en vreesloos. Ek kan myself help."

Maar, eendag toe die leeu gaan stap, loop hy hom vas in 'n jagter se vangnet. Hy was vasgevang. "Help, help," het hy geskreeu. "Ek is vasgevang en ek kan nie loskom nie!"

Die klein muisie het die leeu gehoor. Hy het dadelik na die vangnet toe gehardloop en gesê, "Ek sal jou help!"

"Jy is te klein om my te help," het die leeu gegrom.



Die klein muisie het aan die vangnet begin knaag. Binne 'n japtrap het die klein muisie deur die net geknaag todat net klein stukkies oorgebly het.

Baie gou was die leeu uit, en met 'n breë glimlag het hy gesê, "Jy is wel klein, maar wat 'n groot hulp is jy nie!"

Datum:



**Ons skryf** Lees die storie en kies dan die korrekte antwoord.

| | |
|---|---|
| **Waaroor handel die storie?** | |
| A | Dit is maklik om 'n leeu te flous. |
| B | Jy hoef nie groot te wees om iemand te kan help nie. |
| **Hoekom het die leeu geskreeu?** | |
| A | Hy het om hulp geroep. |
| B | Hy wou hê die muisie moet weggaan. |
| **Wat het die leeu gedink toe hy die muisie sien?** | |
| A | Hy het gedink die muisie weet nie hoe om hom te help nie. |
| B | Hy het gedink die muisie is te klein om hom te help. |

**Sigwoorde**

boer
seun
naam






Skryf nou jou antwoord op die volgende vraag:
Wat kan ons uit hierdie storie leer?



**Vir die pret**

Knip die vingerpoppies uit. Trek die vingerpoppies oor jou vingers en gebruik hulle om die storie van die leeu en die muisie te vertel.



Jy sal die knipselblaaie agter in die boek kry.



# Die groot leeu en die klein muisie





**Ons skryf** Skryf wat die leeu en die muis gesê het. Gebruik aanhalingstekens.






Die muisie het gesê: " ____________________

______________________________

______________________________."

Die leeu het gesê: " ____________________

______________________________


______________________________."






**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke. Klap die woorde in lettergrepe. Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| vinnig | besig | stadig | veilig | gelukkig |
| vinnige | besige | stadige | veilige | gelukkige |







**Ons skryf** Kies die teenoorgesteldes in die onderste ry wat by die woorde in die boonste ry pas.

**Antonieme**



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| vet | groot | lank | gelukkig | lelik |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| kort | maer | mooi | klein | hartseer |

Datum:




Voorsien die sinne van die nodige hoofletters, skryf- en leestekens. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt, uitroepteken of vraagteken af te sluit.

| |
|---|
| Maandag het die leeu 'n muis gesien |
| |
| help |
| |
| waar was die leeu |
| |
| die leeu was vry |
| |




Skryf 'n dankiekaartjie aan iemand wat jou gehelp het. Skryf 'n kort boodskap op die voorkant van die kaartjie. In die kaartjie kan jy skryf hoe die persoon jou gehelp het.



# Die haas en die skilpad





Ons praat

Vertel jou ouma vir jou stories? Jy gaan 'n storie lees wat Jabu se ouma lief is om vir hom te vertel. Kyk na die prentjies en sê dan wat jy dink in die storie gebeur. Vertel vir jou maat waaroor die storie handel.



Ons lees







## Die haas en die skilpad


Baie lank gelede het 'n haas en 'n skilpad saam in 'n groen woud gewoon. Die bruin skilpad het baie stadig geloop en die haas het altyd vir haar gelag. Eendag het die haas vir die skilpad gesê, "Kom ons hou 'n resies." Die skilpad het ingestem en die haas het baie hard gelag. Al die ander diere het kom kyk wie die resies gaan wen.

Die haas het baie vinnig gehardloop en hy was gou ver voor die skilpad. Hy het teruggekyk, maar kon glad nie die skilpad sien nie omdat sy so ver agter was.

"Die skilpad is baie ver agter," het die haas vir homself gesê. "Dit gaan nog lank duur voor sy hier uitkom. Ek gaan nou eers onder die boom rus, en as ek die skilpad sien aankom, sal ek vinnig hardloop en die resies wen." Die haas het toe gaan lê, maar het vas aan die slaap geraak.

In sy slaap hoor die haas hoe die diere juig en skreeu, maar hy het gedink hy droom. Toe hy wakker skrik, sien hy dat skilpad al amper by die wenstreep is.

Datum:




Die haas het opgespring en so vinnig soos die wind gehardloop, maar dit was te laat, want toe haas weer kyk, sien hy hoe die skilpad oor die wenstreep loop.

Lees die storie en beantwoord al die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

Ons skryf



| |
|---|
| Wie het die resies gewen? Waarom? |
| |
| Wie het na die resies kom kyk? |
| |
| Waar het die haas gaan rus? |
| |
| Voorsien die storie van 'n toepaslike titel. |
| |





Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Klap die woorde in lettergrepe.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| maklik | moelik | lelik | heerlik |
| maklike | moeilike | lelike | heerlike |



**Sigwoorde**

skool
keer
leer
uur



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Die diereresies






Ons doen

## Raaisels

Bespreek hierdie raaisels met jou maat en sê dan watter diere in elkeen uitgebeeld word.








Ek loop baie stadig. Ek dra my huis altyd by my. Wat is ek?

Ek sing baie mooi. Ek vlieg huis toe. Wat is ek?

Ek kan steek en zoem. Maar ek is ook baie soet. Wat is ek?

Ek hardloop baie vinnig en kan ook hoog spring. Jy kan ook op my ry. Wat is ek?









Ons skryf

Skryf een hoofsin oor wat gebeur het in die begin, in die middel en aan die einde van die storie oor die haas en die skilpad.



| Die begin |
| --- |
| |
| **Die middel** |
| |
| **Die einde** |
| |



Ons skryf

Skryf die volgende voluit.



| | |
| --- | --- |
| ek's | Ek is |
| dis | |
| wie's dit | |
| hy's | |

| | |
| --- | --- |
| sy's | |
| hoe's dit moontlik | |
| waar's hy | |
| Ek 't | |


Datum:



Vir die pret

Hou 'n resies teen jou maat. Skiet 'n muntstuk in die lug op. As dit op kop land, skuif twee plekke aan. As dit op munt land, skuif een plek terug. Lees wat in die blokkie geskryf staan en voer dan die instruksies uit.

k A h j n m c l d b i f e





- BEGIN
- Sing 'n liedjie.
- Klap jou hande.
- Sê 'n woord wat met e begin.
- Balanseer 'n boek op jou kop.
- Sê 'n woord wat rym met ot.
- Balanseer 'n potlood op jou vinger.
- Sê 'n woord wat met f begin.
- Maak jou skoenveters los.
- Sê 'n woord wat met d eindig.
- Sê watter dag kom na Maandag.
- Sê vandag se datum.
- Sê 'n woord wat rym met weet.
- Sê watter dag kom na Donderdag.
- Steek jou tong uit.
- Lees hierdie woord: verjaardag
- Wat is die teenoorgestelde van vinning?
- Sê 'n woord wat twee lettergrepe het.
- Sê 'n woord wat drie lettergrepe het.
- Sê 'n woord wat vier lettergrepe het.
- Sê wat jy wil doen as jy groot is.
- Maak jou oë toe en glimlag.
- Sê 'n woord wat rym met dag.
- Wys na die agterkant van die klas met jou vinger.
- Spel jou naam agterstevoor.
- EINDE















ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 53 Die son en die wind



Ons praat

Bongi se ouma het 'n gunstelingstorie. Kyk na die prentjies en sê dan wat jy dink in die storie gebeur.



Ons lees







## Die son en die wind

Eendag het die wind hard deur die dorp gewaai. Die bome het gebuig en die vensters het geratel en gekraak. Die wind was baie trots en het hard gespog en gesê: "Ek is sterker as die bome en ek is selfs sterker as die son."

Die son se kop het agter die wolke uitgekom en hy het gesê: "O nee, Wind, ek is baie sterker as jy."

Wind het parmantig geantwoord: "Kom ons hou 'n kompetisie en sien dan wie is regtig die sterkste."

Wind het gesê: "Ek sal begin. Kyk hoe sterk ek is. Ek sal daardie man forseer om sy jas uit te trek."

Wind het gewaai en geraas en het so hard gewaai dat die bome amper gelyk was met die aarde. Maar die man het sy jas net stywer om sy lyf getrek en gesê: "Ek kry nou so koud."

Die son se kop het weer agter die wolke uitgekom. Sy het geglimlag en alles het net warmer geword.

"O," het die man gesê. "Dit is nou baie warmer." Die son het al feller geskyn.

Datum:

"Sjoe!" sê die man toe. "Dit is nou so warm, laat ek maar liefs my jas uittrek."
Die son het weer geglimlag en gesê:
"Ek is die wenner!"



## Sigwoorde

deel
week
raad
stap



Ons skryf

Beantwoord al die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.



Wie is die hoofkarakters in die storie?

Wat het gebeur toe die wind gewaai het?

Wat het gebeur toe die son geskyn het?

Wie sou gewen het as die reën ook aan die kompetisie deelgeneem het? Hoekom?




Werk met woorde

Voeg die woorde bymekaar om nuwe woorde te maak.



## Samestellings



| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| son | + | skyn | = | sonskyn | hang | + | kas | = | |
| see | + | kat | = | | rug | + | sak | = | |
| soet | + | goed | = | | blom | + | tuin | = | |
| tuin | | slang | | | strik | | das | | |

ONDERWYSER: Teken Datum


# Die groot kompetisie





**Ons doen**

Doen 'n rolspel met jou maats om te wys wie die sterkste is. Gebruik hierdie keer die maan, die son, die wind en die reën. Onthou om 'n persoon in te sluit wat 'n jas dra.





## Werkwoorde

**Ons skryf**

Omkring die werkwoorde.
Werkwoorde vertel jou meer van die aksie wat plaasvind.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| lag | swem | boek | waai | skyn |
| tand | brand | streel | sokker | vloei |
| huil | glimlag | praat | sing | spring |
| sit | loop | reën | staan | gras |



**Ons skryf**

Skryf 'n sin oor elke prentjie.









1.

2.

3.

4.

Datum:





Vir die pret

Lees oor die maan en die son. Vertel vir 'n maat wat die verandering in die maan se voorkoms veroorsaak.



## Die son en die maan

Die maan se voorkoms verander terwyl dit om die aarde wentel (reis). Die verandering in die voorkoms van die maan word veroorsaak deur die sonstrale wat op ander gedeeltes van die maan val. Ons gebruik die volgende name om die maan op verskillende tye te beskryf.

| volmaan | halfmaan | sekelmaan | nuwemaan |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |



Ons skryf

Beantwoord die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

| Watter maan het jy gisteraand gesien? |
|---|
| |

| Kyk die volgende vier Maandae hoe die maan lyk. Teken die vorm van die maan soos dit elke Maandag lyk. | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Bongi ry rond



Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.



Ons lees

## Die nuwe fiets







Bongi se broer Thabo het 'n nuwe fiets vir sy tiende verjaardag gekry. Dit was 'n blink nuwe rooi fiets. Bongi het gewens sy het ook so 'n mooi fiets. Een Saterdag het sy vir Thabo gevra of sy die fiets kon leen omdat sy saam met Anita wou gaan ry. Thabo het gesê sy moet mooi na sy fiets kyk.

Bongi en Anita het deur groen velde en by groot bome verbygery. Hulle het ook langs 'n diep rivier en oor 'n houtbrug gery. Dit was lieflik in die natuur en die hele landskap was baie mooi groen.

Hulle was skaars oor die brug toe hulle baie glasstukke en vullis voor hulle sien. Dit het vir Bongi moeiliker en moeiliker geword om verder te trap. Sy het afgekyk en gesien die agterwiel is pap.

Datum:



Daar was baie gebreekte bottels en glasstukke oral op die grond.

Arme Bongi moes toe maar die fiets huis toe stoot en vir Thabo vra om die pap wiel reg te maak.





**Ons skryf** Beantwoord al die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

Op wie se fiets het Bongi gery?

Waarom het die fiets 'n pap wiel gekry?

Hoe het sy die fiets huis toe geneem?


Wat dink jy van mense wat rommel rondstrooi?



**Werk met woorde** Skryf die saamgestelde woorde.

## Samestellings

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| maan | + | lig | = | maanlig |
| was | + | goed | = | |
| dam | + | wal | = | |
| boek | + | sak | = | |



**Sigwoorde**

plek
wal
sak
kop

# Bongi ry fiets



## Selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde

**Ons doen**

Doen 'n rolspel oor hoe Bongi vir Thabo gevra het of sy sy fiets kon leen. Wys hoe Bongi en Anita deur die natuur ry, en hoe Bongi die fiets huis toe dra en vir Thabo vertel hoe sy 'n pap wiel gekry het. Wys wat Thabo sê as hy sy fiets sien.

**Ons skryf**

Ons het 'n selfstandige naamwoord in elke sin hieronder onderstreep. Omkring nou die byvoeglike naamwoord wat die selfstandige naamwoord beskryf.

| |
|---|
| Dit was 'n blink, rooi fiets. |
| Bongi het by die groen velde verbygery. |
| Sy het by hoë bome verbygery. |
| Sy het oor die mooi houtbrug gery. |
| Sy het die pap wiel gesien. |
| Sy het oor stukkende glas gery. |

Selfstandige naamwoorde is die name van mense, dinge en plekke. Byvoeglike naamwoorde beskryf hoe die mense, plekke of dinge lyk.



## Tydsvorme

**Ons skryf**

Skryf hierdie sinne oor en begin met Gister. Gebruik hierdie woorde om jou te help.

gery | gekyk | geswem | gesien | gevat

| |
|---|
| Hy ry met sy fiets. |
| Gister het hy |
| Ek sien die glasstukke. |
| Gister het ek |
| Sy vat die fiets. |
| Gister het sy |
| Sy kyk na die pap wiel. |
| Gister het sy |

Datum:

# Samestellings



Ons skryf

Maak jou eie saamgestelde woorde.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | + | | = | |
| | + | | = | |
| | + | | = | |






Vir die pret

Lees wat Bongi en Anita vir mekaar sê terwyl hulle by die verskillende plekke wat op die kaart aangewys word verbyry. Skryf dan die nommer van elke plek op die kaart. Die eerste een is vir jou gedoen.

| | |
|---|---|
| 1 | Kyk hoe pragtig groen is alles. |
| 2 | Ek hoop nie hierdie brug breek nie. |
| 3 | Kom ons hou stil en koop 'n koeldrank. |
| 4 | Die pad kronkel baie. |
| 5 | Ek sal versigtig in die verkeer moet ry. |
| 6 | Sies! Kyk hoeveel vullis lê hier rond. |




ONDERWYSER: Teken Datum

# 57 Bongi tel vullis op

**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



**Ons lees**

## Die groot skoonmaak

Bongi en Anita het vir hulle juffrou van die rommel by die rivier vertel. Hulle juffrou het gesê hulle behoort ander kinders uit te nooi om die park skoon te maak. Hulle het 'n plakkaat gemaak en dit by die skool opgesit. Omtrent

24 kinders het opgedaag om die vullis op te tel. Hulle het al die glasstukke, blikke en papiere opgetel.

**Ons praat** Lees die plakkaat wat Bongi en Anita gemaak het.

Kinders hou daarvan om in skoon plekke te leef en te speel.
Ons hou nie van vuil parke nie.
Help om die riviergebied skoon te maak.
Kom ons hou ons parke skoon.

**Kom help met die groot skoonmaak**

Gratis vrugtesap en toebroodjies vir almal.

Wanneer? Saterdag, 21 Mei om 10:00.

Waar? Kinderpark.

Die bus sal jou om 14:00 huis toe neem.

Datum:





## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| skryf | graf | fout | vries | vlam | venster |
| gleuf | kuif | foto | volg | voorheen | vind |
| lief | kloof | familie | vlooi | vrees | vyf |



## Ons skryf

Beantwoord al die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

Wie het vir Bongi gehelp om die plakkaat te maak?

Wat het die twee meisies besluit om te doen?

Dink jy dit was 'n goeie idee van Bongi en Anita om die vullis op te tel? Hoekom?

Hoe laat het die groot skoonmaak begin?



## Ons skryf

Omkring die woord wat die kinders beskryf.

### Byvoeglike naamwoorde



Die klein dogtertjie het die blikkies opgetel.

Die groot seun het gehelp om die park skoon te maak.

Die pragtige meisie wou help.

Die snaakse seun het vir ons 'n grap vertel.

Die stoute seuns wou die vullisdrom wegsteek.



ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

# Die groot skoonmaak



## Ons praat

Wat kan jou klas doen om die skool skoon te maak? Gesels oor die plekke by die skool wat vuil is. Sê hoe jy 'n groot skoonmaak by jou skool kan reël.



## Ons skryf

Skryf 'n paragraaf oor jou skool. Sê watter dele skoongemaak moet word.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

## Ons skryf



Vul die ontbrekende byvoeglike naamwoorde in. Gebruik hierdie woorde om jou te help.

**Byvoeglike naamwoorde**

helder | skerp | groen

Bongi het deur die ________________ veld gery.

Die son het ____________________ geskyn.

Sy het oor 'n ______________ glasstuk gery.

Datum:



Vir die pret

Maak jou eie plakkaat om kinders uit te nooi om te help om die skool skoon te maak.





ONDERWYSER: Teken Datum

# Diepseeduik






Sarel se oupa hou daavan om die storie te vertel oor hoe 'n dolfyn sy lewe gered het. Kyk na die prentjies. Vertel vir jou maat wat jy dink in die storie gaan gebeur.






## Dolfyne red man

Oupa Sarel en sy vriend Gert het dikwels saam diepseeduik gedoen toe hulle jonk was. Daar was 'n ou skip op die bodem van die see. Daar was pragtige juwele van goud en silwer op die skip.

Oupa Sarel het 'n spesiale duikpak gedra om hom teen die koue water te beskerm. Hy het ook 'n suurstoftenk gebruik om onder water te kon asemhaal.

Eendag het oupa Sarel vir Gert gesê hulle moet weer by die wrak gaan duik. Maar Gert het geantwoord: "Nee, nie vandag nie, daar is 'n groot storm aan die kom."

"Maar ek het 'n groot ketting van goud gesien en wil dit graag gaan uitduik. Ons sal baie geld daarvoor kry," het oupa Sarel gesê.


Gert het geantwoord: " Die storm sal binne 15 minute hier wees. Dit is nie vandag veilig nie."

Oupa Sarel het egter geduik terwyl Gert in die bootjie vir hom gewag het.

Oupa Sarel het die ketting van goud gekry, maar hy het gesukkel om dit los te kry. Hy het geruk en gepluk, maar hy kon dit nie loskry nie. Hy het met sy vingers gegrawe en geruk. Eensklaps was dit los, maar oupa Sarel se suurstof was amper op. Oupa Sarel moes toe dadelik boontoe gaan. Maar toe sy kop bo die water uitkom, sien hy dat 'n groot storm losgebars het en dat Gert en die bootjie weg is.



Datum:




"Help, help my iemand, asseblief help my," het oupa Sarel geroep. Maar niemand kon hom hoor nie.

Toe hoor oupa Sarel die soetste klank ooit. Dit was die geluid van 'n dolfyn. Die dolfyn het reguit na oupa Sarel toe geswem en oupa Sarel kon toe die dolfyn se vin vasgryp. Die dolfyn het met oupa Sarel half op sy rug strand toe geswem.

Toe oupa Sarel veilig in die vlak water was, het die dolfyn weggeswem en in die golwe verdwyn.

"Dankie dat jy my lewe gered het,"

het oupa Sarel met groot dankbaarheid geroep.





Ons skryf

Beantwoord al die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

## Sigwoorde

gehoor
geneem
gegaan
stem

Wie is die hoofkarakters in die storie?



Hoekom wou oupa Sarel weer gaan duik?

Hoekom kon Gert nie vir oupa Sarel wag nie?

Hoe het oupa Sarel op die strand uitgekom?

ONDERWYSER: Teken Datum

# 60 Onder die see





## Ons doen

Voer 'n rolspel op oor oupa Sarel se ervaring met die dolfyn. Besluit wie oupa Sarel sal wees en wie Gert se rol gaan vertolk. Julle moet ook besluit wie die dolfyn gaan wees wat oupa Sarel se lewe red.





## Werk met woorde

Lees hierdie woorde en luister na die klanke.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| f | fout | foto | familie | flink | fliek | fiets | fraai |
| v | vind | volg | voorheen | volk | vlooi | vy | venster |





## Ons skryf

Verbeel jou jy is oupa Sarel. Skryf jou storie oor wat met jou gebeur het. Ons het die storie vir jou begin.

Gert het my gewaarsku om nie vandag te gaan duik nie. Maar ek het net die groot ketting van goud voor my oë gesien. Ek het geweet daar kom 'n storm, maar ek het nogtans besluit om in te gaan. Toe ek my kop bo die water uitsteek met die groot goue ketting in my hand . . .


Verbeel jou nou jy is die dolfyn. Skryf oor wat jy gesien het en wat jy gedoen het. Ons het die dolfyn se storie vir jou begin.

Ek was besig om in die rowwe see te speel toe ek hierdie duiker met 'n groot goue ketting sien. Toe hoor ek hoe hy om hulp roep ...

Datum:




Gesels met jou maat oor die verskillende dinge wat 'n diepseeduiker nodig het om te kan duik. Sê ook hoekom al die toerusting nodig is.




Snorkel vir asemhaling

Masker om jou te help om onder die water te kan sien

Suurstoftenk wat jou onder die water van lug voorsien

Gewigtegordel om jou swaarder te maak sodat jy onder die water bly

Duikpak om jou lyf warm te hou

Vinne om jou te help om vinniger te swem

ONDERWYSER: Teken Datum

# Die wêreld van die mier




Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

Ons lees

## Hoe miere werk en leef

Het jy geweet dat miere saamleef in 'n nes? Hulle deel ook al hulle kos met mekaar. As jy die miere se spore volg, sal jy kos by die een punt kry en die nes by die ander punt.



### Volg die miere se spore.

Wanneer miere kos kry, merk hulle 'n spoor uit vir ander miere om ook die kos te kry. Hulle volg dan almal dieselfde spoor na die kos toe. Miere hou van soet kos soos suiker of konfyt. Miere eet ook die kos wat ons by ons huise laat oopstaan. Jy sal sien hoe hulle om die kos saamdrom.

### Doen hierdie eksperiment:


Sit kos op 'n vel papier en plaas die vel papier naby 'n miernes. Wag totdat die miere die kos kry. Jy behoort te sien hoe meer miere die spoor na die kos toe kry. Skuif nou die papier met die kos daarop. Volg die miere die kos?

### Wat gebeur as jy die kos skuif?

Nadat jy die kos geskuif het, sal jy sien dat die miere nog die ou spoor volg na waar die kos voorheen was. Dit duur 'n tyd voordat die miere 'n nuwe spoor maak na die plek waar die kos nou is.

### Hoekom?

Wanneer miere kos vind, laat hulle 'n spesiale reuk op die grond wat die ander miere dan volg.




Datum:



Ons skryf

Lees die inligting oor miere en beantwoord dan al die vrae.



| Waaroor handel die storie? | |
|---|---|
| A | Dit gee meer inligting oor mierspore. |
| B | Dit vertel jou hoe om van miere ontslae te raak. |
| C | Dit sê vir jou waar om miere te kry. |

| Hoekom is dit nodig om kos naby die miere se nes neer te sit? | | | |
|---|---|---|---|
| A | Om die miere te verwar. | C | Sodat die miere 'n spoor kan maak. |
| B | Om die miere se spoor te versper. | D | Om die miere dood te maak. |

| As 'n mier kos gevind het, hoe vertel die mier vir die ander miere waar om die kos te kry? | | | |
|---|---|---|---|
| A | Hulle hou die mier dop en volg dan die mier. | C | Hulle ruik die kos op die papier. |
| B | Hulle hardloop rond todat hulle die kos kry. | D | Hulle ruik die reuk wat die eerste mier op die grond gelaat het. |

| Dink jy miere gee om vir mekaar? Hoekom sê jy so? |
|---|
| |



Ons skryf

Breek hierdie woorde op in lettergrepe.
Die eerste een is vir jou gedoen.

| vriendelik | wanneer | saamleef |
|---|---|---|
| vrien/de/lik | | |
| gister | papier | eksperiment |
| | | |
| amper | môre | voorheen |
| | | |

**Sigwoorde**

woord
geld
maand

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Meer oor miere





Ons praat

Bestudeer 'n mierspoor by jou skool en teken wat jy sien. Sê dan vir jou maat wat jy in die prent sien.





Ons skryf

Skryf elke sin oor en begin met Gister.

**Tydsvorme**

gevolg — geëet — gesien

| |
|---|
| Die miere volg die spoor. |
| Gister |
| Hy sien die miere drom saam by die kos. |
| Gister |
| Die miere eet soetgoed. |
| Gister |



Ons skryf

Omkring die regte woord.

| | | |
|---|---|---|
| Miere leef | saam | alleen |
| Miere werk | saam | alleen |

| | | |
|---|---|---|
| Miere | gee om vir mekaar | is selfsugtig. |
| Ons moet die miere | beskerm | uitwis. |

Datum:



**Ons skryf** Nommer elke groep woorde om die regte alfabetiese volgorde te kry.


| | |
|---|---|
| | see |
| | tuin |
| | appel |

| | |
|---|---|
| | kas |
| | jas |
| | mas |

| | |
|---|---|
| | aap |
| | blom |
| | wal |



**Vir die pret** Miere vertel vir mekaar waar om kos te kry deur 'n reuk op die grond te laat. Hulle doen dit omdat hulle nie kan praat nie. Ons kan ook vir ons maats iets vertel sonder om te praat. Ons gebruik ons gesigte en oë om dit te doen.

| Wat sê hulle? | Ek is kwaad. | Ek is gelukkig. | Ek is hartseer. | Ek is verbaas. |
|---|---|---|---|---|
| Oë |  |  |  |  |
| Mond |  |  |  |  |
| Wenkbroue |  |  |  |  |
| Gesig |  |  |  |  |
| Teken nou jou eie gesigte | | | | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 63 Iets oor lees

Ons praat


Kyk na die prentjies oor die stories was ons gelees het.



Die groot leeu en die klein muisie



Die son en die wind



Dolfyn red man



Die wêreld van die mier



Die haas en die skilpad



Die groot skoonmaak

Ons lees

Dink na oor die stories wat jy in hierdie boek gelees het.
Van watter soort storie hou jy die meeste?

Dink na oor hoekom jy meer van party stories gehou het as van ander. Nommer hulle van 1 tot 6, van die een wat jou gunsteling is tot die een waarvan jy die minste gehou het.

Het jy gehou van Die groot leeu en die klein muisie, Die son en die wind, of Die haas en die skilpad? Jy hou waarskynlik daarvan om te lees vir plesier.

Het jy Dolfyn red man, Die wêreld van die mier of Bongi tel vullis op gekies? Jy hou waarskynlik daarvan om vir inligting te lees.

Datum:



Ons skryf

Beantwoord elke vraag. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

| |
|---|
| Van watter storie het jy die meeste gehou? |
| |
| Waarvan het jy gehou in die storie? |
| |
| Van watter storie het jy die minste gehou? |
| |
| Waarom het jy nie van hierdie storie gehou nie? |
| |
| Verkies jy om te lees vir inligting of vir plesier? |
| |



Werk met woorde

Breek hierdie woorde op in lettergrepe.
Die eerste een is vir jou gedoen.



| | | |
|---|---|---|
| inligting | waarskynlik | dolfyn |
| in/lig/ting | | |
| plesier | hardloop | deurmekaar |
| | | |
| hoofletter | versper | nommer |
| | | |

**Sigwoorde**

antwoord
wêreld
nuwe
gebeur

# Ons skryf 'n storie





## Ons doen

Gesels met jou maat oor die storie waarvan jy die meeste gehou het.
Praat oor die karakters in die storie. Sê waarvan jy die meeste gehou het in die storie.
Het jy inligting uit hierdie storie gekry?



## Ons skryf


Beplan om jou eie storie te skryf.

| Waaroor sal dit handel? |
|---|
| |
| |
| |
| |
| **Wie sal jou hoofkarakters wees?** |
| |
| |
| |
| |
| **Watter inligting sal jy gee?** |
| |
| |
| |
| |



## Vir die pret

Knip die volgende bladsy uit. Maak 'n boek. Skryf die titel op die voorblad. Skryf jou naam onder die titel want jy is die skrywer. Teken 'n prentjie op die voorblad. Skryf nou jou storie, met 'n begin, 'n middel en 'n einde. Laat 'n maat jou storie lees.




## AGTERBLAD

Rainbow WORKBOOKS

### DIE SKRYWER

Skryf jou naam



Jou ouderdom

Waar jy woon

## VOORBLAD

Teken hier 'n prentjie.



Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

STAP 2. Vou op die stippellyn.

STAP 3. Kram aan hierdie kant vas.

STAP 4. Knip op die stippellyn uit nadat jy jou boek gekram het.

STAP 1. Vou op die stippellyn.

Gaan hier voort met jou storie.

Teken hier 'n prentjie.



Skryf die middel van jou storie hier en op bladsy 5.



Teken hier 'n prentjie.

Teken hier 'n prentjie.



Begin jou storie hier en gaan voort op bladsy 3.

Teken hier 'n prentjie.



Maak jou storie klaar.

Gaan hier voort met jou storie.



Teken hier 'n prentjie.

Skryf hier wat gebeur aan die einde van jou storie.



Teken hier 'n prentjie.

# My woordeboek

A a

B b

C c

D d

E e

F f

G g

H h

I i

J j

K k

L l

# My woordeboek

M m

N n

O o

P p

Q q

R r

S s


T t

U u

V v


W w


X-Z x-z





*Slangetjies en leertjies*

*Sny hierdie merkers uit*

















## Reversible Masks

Cut out this mask on the outer black line. Thread some string through the holes below the lion's ears so that you can wear the reversable mask.








## Dice


Cut out the dice on the outside black lines and fold on the white dotted lines. Glue the flaps on the inside of the dice.

GEN HL G3 B1_CUTOUTS.indd 1 2014/05/04 9:57 PM






Counters for the board game.
Finger puppets
Glue the tortoise shell here.


glue here
glue here
glue here
glue here
glue here
glue here
glue this tortoise shell to the tortoise
glue here
glue here
glue here
glue here
glue here
glue here